



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Grade 3 Mathematics Mental Starters Assessment Project (MSAP)

Mental Starters: Tasks and Assessments

TEACHER GUIDE: AFRIKAANS



Author team (alphabetically):

Mellony Graven, Hamsa Venkat,

Mike Askew, Lynn Bowie, Samantha Morrison, Pamela Vale

Acknowledgements:

Our thanks to the broader team who grappled with the author team to conceptualise these:

Lawan Abdulhamid, Noluntu Baart, Mark Chetty, Busi Goba, Corin Mathews, Zanele Mofu, Debbie Stott, Thulelah Takane, Herman Tshesane, Lyn Webb, Marie Weitz, Lise Westaway, Bob Wright.

Our thanks to the DBE and FRF for their support of this work.

This project was initiated and led by the two South African Numeracy Chairs, Professors Hamsa Venkat and Mellony Graven, at the University of the Witwatersrand and Rhodes University. It is based on research supported by the South African Research Chairs Initiative of the Department of Science and Technology and National Research Foundation (Grant Nos. 74658 and 74703). Any opinion, finding and conclusion or recommendation expressed in this material is that of the author(s) and the NRF does not accept any liability in this regard.



(2020) This work is licensed under a
Creative Commons Attribution-NonCommercial-NoDerivatives 4.0 International License.

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING.....	iv
Brugging deur tien: Aanvangsles 1.....	4
Brugging deur tien: Aanvangsles 2.....	7
Brugging deur tien: Aanvangsles 3.....	9
Brugging deur tien: Aanvangsles 4.....	10
Brugging deur tien: Aanvangsles 5.....	14
Brugging deur tien: Aanvangsles 6.....	17
Brugging deur tien: Aanvangsles 7.....	19
Brugging deur tien: Aanvangsles 8.....	22
Springstrategieë: Aanvangsles 1.....	29
Springstrategieë: Aanvangsles 2.....	31
Springstrategieë: Aanvangsles 3.....	34
Springstrategieë: Aanvangsles 4.....	35
Springstrategieë: Aanvangsles 5.....	40
Springstrategieë: Aanvangsles 6.....	41
Springstrategieë: Aanvangsles 7.....	44
Springstrategieë: Aanvangsles 8.....	48
Verdubbeling & halvering: Aanvangsles 1.....	54
Verdubbeling & halvering: Aanvangsles 2:.....	56
Verdubbeling & halvering: Aanvangsles 3.....	60
Verdubbeling & halvering: Aanvangsles 4.....	61
Verdubbeling & halvering: Aanvangsles 5.....	66
Verdubbeling & halvering: Aanvangsles 6.....	68
Verdubbeling & halvering: Aanvangsles 7.....	69
Verdubbeling & halvering: Aanvangsles 8.....	74
Afronding & aanpassing: Aanvangsles 1.....	78
Afronding & aanpassing: Aanvangsles 2.....	82
Afronding & aanpassing: Aanvangsles 3.....	84
Afronding & aanpassing: Aanvangsles 4.....	86
Afronding & aanpassing: Aanvangsles 5.....	91
Afronding & aanpassing: Aanvangsles 6.....	92

Afronding & aanpassing: Aanvangsles 7	94
Afronding & aanpassing: Aanvangsles 8	98
Herrangskik: Aanvangsles 1	105
Herrangskik: Aanvangsles 2	108
Herrangskik: Aanvangsles 3	109
Herrangskik: Aanvangsles 4	112
Herrangskik: Aanvangsles 5	116
Herrangskik: Aanvangsles 6	117
Herrangskik: Aanvangsles 7	120
Herrangskik: Aanvangsles 8	124
Die verband tussen optel & aftrek: Aanvangsles 1	130
Die verband tussen optel & aftrek: Aanvangsles 2	132
Die verband tussen optel & aftrek: Aanvangsles 3	134
Die verband tussen optel & aftrek: Aanvangsles 4	137
Die verband tussen optel & aftrek: Aanvangsles 5	142
Die verband tussen optel & aftrek: Aanvangsles 6	144
Die verband tussen optel & aftrek: Aanvangsles 7	146
Die verband tussen optel & aftrek: Aanvangsles 8	150
Memorandum	156


INLEIDING


Die Onderwysershandleiding bevat **6 Wiskunde Hoofrekena Aanvangsleseenhede** vir graad 3-leerders. In elke eenheid word op 'n verskillende **bewerkingstrategie** gefokus. Hierdie bewerkingstrategieë is uit die kurrikulum geneem. Elke eenheid dek 'n spesifieke groep vaardighede wat met mekaar verband hou.


Die doel hiervan is om leerders te laat vorder van tel in ene op hul vingers of met telmerkies op papier. Om in ene te tel is tydwend en dit lei tot foute. Dit raak ook ondoeltreffend soos wat die getalgebied verhoog. Die strategieë en vaardighede ondersteun kragtige getalbegrip.


Die ses bewerkingstrategieë en die tydlyn


Die eenhede word in die drie kwartale soos volg gedek:

Kwartaal 1	Brugging deur tien	$36 + 7 =$		$= 43$
---------------	--------------------	------------	--	--------

Kwartaal 1	Springstrategieë	$43 - 12 =$		$= 31$
---------------	------------------	-------------	---	--------

Kwartaal 2	Verdubbeling & Halvering	$\text{Verdubbel } 29 =$		$= 58$
---------------	--------------------------	--------------------------	--	--------

Kwartaal 2	Afronding & Aanpassing	$47 + 29 =$		$= 76$
---------------	------------------------	-------------	--	--------

Kwartaal 3	Herrangskik	$26 + 17 + 4 =$		$= 47$
---------------	-------------	-----------------	--	--------

Kwartaal 3	Die verband tussen optel & aftrek	$\square - 30 = 9$	<table border="1" style="margin: auto;"> <tr> <td style="width: 50px; text-align: center;">30</td> <td style="width: 50px; text-align: center;">9</td> </tr> <tr> <td colspan="2" style="height: 20px;"></td> </tr> </table>	30	9			$= 39$
30	9							
		$30 + 9 = \square$						


Die model

Elke eenheid duur drie weke en die model hieronder word gevolg.



Elke eenheid begin en eindig met 'n kort toets vir die leerders. Deur die toets na te sien, word inligting aan jou en die leerder bekend van hoeveel hulle gedurende die drie weke verbeter het deur daardie spesifieke stel vaardighede te gebruik.

In elke eenheid fokus ons op drie tipes bewerkings.



Die leerders in jou klas se uitslae behoort te verbeter indien die aanvangsles in elke eenheid behandel word, gevolg deur die pre-toets en post-toets. Hierdie verbetering toon progressie in hoofrekenvaardighede en getalbegrip.

Hoe om die gids te gebruik

Hierdie gids bevat besonderhede oor die toets- en die aanvangsles vir elke eenheid. Die aanvangsles is ontwerp om by die **10-minute** mondeling- en hoofreken-afdeling aan die begin van die wiskundeles te pas.

Elke aanvangsles begin met 'n **1-minuut hoofreken-opwarming** wat fokus op belangrike, vinnige herroepvaardighede vir daardie eenheid. Leerders behoort hierdie vrae vinnig en met selfvertroue te beantwoord.

'n **Aanvangsles-taakvolgorde** volg na die opwarming. Die taakvolgorde in elke aanvangsles verduidelik die volgende:

- **Hoe om** die strategie **te onderrig** (aan die linkerkant aangedui) en
- **Wat** om op die skryfbord **te skryf** (aan die regterkant aangedui)

Na elke aanvangsles is daar **individuele take** wat leerders kan voltooi. Leerders moet probeer om hierdie take uit hulle koppe te doen deur die strategieë wat hulle onderrig is te gebruik. Sê vir die leerders om **NIE in 1'e te tel nie**. Indien leerders sukkel, vra hulle om hulle werksmetode te wys, bv. op 'n leë getallelyn, of 'n staafdiagram. Getallelyn en

staafdiagramsketse kan 'rof' wees aangesien die doel daarvan is om so gou moontlik die hoofrekeners te ondersteun.

Vra leerders om hul **denkwyse** aan jou en die ander **te verduidelik**. Dit sal jou toelaat om te assesser of hulle die strategie wat hulle geleer is, gebruik het.

Ondersteuningsvideo: Teenoor elke aanvangslesplan is 'n verwysing na 'n kort video-opname wat wys hoe die strategie werk. Jy kan die skakel ('link') oopmaak deur:

- Met jou selfoonkamera na die vierkantige QR-kode te wys of
- Die Youtube-skakel in 'n webblad te tik

Na aanvangsles 4 en 7 is daar **individuele praktiese werkblaaie** wat leerders kan gebruik om by die huis te oefen.

Memorandums vir die pre- en post-toetse asook die werkbladsye is aan die einde van hierdie gids gevoeg.

Die Print Masters-boek

Daar is 'n aparte **PRINT MASTERS**-boek wat die volgende insluit:

- Alle pre-toetse en post-toetse
- Al die werkbladsye om huis toe te neem
- Alle ondersteuningsmateriaal vir die onderwyser om te kopieer.

BRUGGING DEUR TIEN

Inleiding

Die fokus vir die eerste vier aanvangslesse is optel deur brugging deur tien. In die volgende vier aanvangslesse val die klem op aftrek deur brugging deur tien. Sommige van die take moet deur die onderwyser op die skryfbord gelei word en sommige moet die leerders onafhanklik doen.

Vinnige Herroepvaardighede

Daar is ses vinnige herroepvaardighede wat leerders moet leer vir brugging deur tien:

- Getalkombinasies tot 10 en veelvoude van 10 (bv. $7 + \square = 10$; $12 + \square = 20$)
- Tel by 'n veelvoud van tien (bv. $60 + 3 = 63$)
- Trek af van 'n veelvoud van tien (bv. $60 - 2 = 58$)
- Spring na die volgende veelvoud van tien **na** 'n getal (bv. $32 \rightarrow 40$)
- Spring na die volgende veelvoud van tien **voor** 'n getal (bv. $56 \rightarrow 50$)
- Verander die orde van die bewerking (bv. $7 +$ wat is tien? Wat plus 7 is tien?)

Naam:

Brugging deur tien: Pre-toets

DEEL I

2 minute vir hierdie bladsy

1. $7 + 3 = \square$

11. $50 + 6 = \square$

2. $2 + 8 = \square$


12. $3 + 60 = \square$

3. $10 = 7 + \square$



13. $40 - 7 = \square$

4. 8 minder as 10 is \square

14. $40 + 8 = \square$




15. Wat is die volgende veelvoud van 10?



16. $100 + 27 = \square$


7. $10 - 5 = \square$

17. Wat is die veelvoud van 10 voor 34?



8. $10 - 4 = \square$

18. $\square + 7 = 50$



19. $30 - \square = 27$

10. $\square + 10 = 10$

20. $87 = 80 + \square$


Totaal uit 20

Brugging deur tien: Pre-toets


DEEL 2

3 minute vir hierdie bladsy

1. $56 + 8 = \square$



2. $83 - 4 = \square$



3. $93 - 7 = \square$


4. $67 + \square = 73$

5. $\square + 7 = 82$


6. $67 + 5 = 67 + 3 + \square$

7. $94 - \square = 94 - 4 - 2$

8. $98 + 56 = 98 + 2 + \square$



$103 - \square = 95$



$98 + \square = 136$

Totaal uit 10

BRUGGING DEUR TIEN: AANVANGSLES 1**1-Minuut Hoofrekene-opwarming**

Pop-Fizz

Die onderwyser sê 'pop' en die leerder sê 'fizz'; dan sê die onderwyser 'n getal en die leerder reageer met die gepaste getal vir die vinnige herroepvaardigheid.

a. Pop-Fizz Maak 10

In hierdie voorstelling behoort die leerders te reageer met die getal wat die som 10 behoort te maak.

Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 3		Leerders: 7	
Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 6		Leerders: 4	ensovoorts ...



b. Pop-Fizz Maak 20 (of 'n ander veelvoud van 10)



In hierdie voorstelling behoort die leerders te reageer met die getal wat die som 20 behoort te maak (of enige veelvoud van 10).

Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 16	→	Leerders: 4	
Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 11	→	Leerders: 9	ensovoorts ...

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons die brugging deur tien-strategie vir optelbewerkings.

<p>Probleem: $36 + 7$</p> <p>Skryf '$36 + 7 =$' op die skryfbord.</p> <p>Trek 'n lyn en merk 'n punt, genoem '36'.</p> <p>Onderwyser: Ons tel so op, ons spring vorentoe. Wat is die volgende veelvoud van 10 na 36?</p> <p>'n Leerder behoort te kom en '40' op die getallelyn te merk.</p>	<p style="text-align: center;">$36 + 7 =$</p> 
<p>Onderwyser: Ons moet vanaf 36, 7 vorentoe spring. Kom ons maak een sprong tot by die veelvoud van tien eerder as om in 1'e te spring. 36 plus wat gee 40?</p> <p>Leerder: 4</p>	<p style="text-align: center;">$36 + 7 =$</p> 

<p>Onderwyser: Ons het 4 bygetel. Ons behoort 7 by te tel. 7 breek op in 4 en wat nog?</p> <p>Leerders: 3</p> <p>Verdeel die 7 in $36 + 7$ in 4 en 3.</p> <p>Onderwyser: Hoeveel meer het ons nodig om by te tel?</p> <p>Leerders: 3</p>	
<p>Onderwyser: Wat is 40 plus 3?</p> <p>Leerders: 43</p> <p>Onderwyser: So, $36 + 7 = 36 + 4 + 3 = 43$</p>	

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer doen*:

$$48 + 6 \quad 63 + 8$$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $48 + 6$, tel ek 2 by 48 om 50 te kry, dan tel ek 4 by, so die antwoord is 54.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Leerders wat sukkel om dit uit hulle koppe te doen, kan 'n 'rowwe' getalleglyn trek om hulle te help.

Ondersteuningsvideo

Brugging Deur Tien 1



https://youtu.be/iJNrdV3P4_s

Ondersteuningsvideo

Brugging Deur Tien 2



<https://youtu.be/upvlvkC3Yko>

BRUGGING DEUR TIEN: AANVANGSLES 2

1-Minuut Hoofrekene-opwarming

a. Pop-Fizz: Maak 10 en/of Maak 20 (of enige ander veelvoud van tien)

b. Spring na die **volgende** veelvoud van 10 (bv. 23 → 30; 56 → 60)

Dit is nie afronding tot die naaste 10 nie maar spring tot die **volgende** veelvoud van tien op die getallelyn.

'Wat is die **volgende** veelvoud van tien na ...?'

Onderwyser: 47

→ Leerders: 50



Onderwyser: 32

→ Leerders: 40

ensovoorts ...

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons die brugging deur tien-strategie vir optelbewerkings

<p>Vra leerders om te onthou wat gister gebeur het: Hoe het ons $36 + 7$ opgelos?</p> <p>Trek 'n lyn en merk die punt '36'.</p> <p>Onderwyser: Ons tel bymekaar, dus behoort ons vorentoe te spring. Wat is die volgende veelvoud van tien na 36?</p> <p>Leerders: 40</p> <p>'n Leerder behoort te kom om dit op die getallelyn te merk.</p> <p>Laat leerders toe om die metode te beskryf, hoe dit werk en om dit op die skryfbord te wys.</p>	<p>Die finale voorstelling word hieronder gewys:</p> 
<p>Wys dan op die skryfbord hoe om deur tien te brug om 'n probleem op te los: $27 + 8$</p> <p>Begin deur 'n lyn te trek, maak 'n merk, genoem '27' en los die probleem op deur die brugging deur tien-strategie te gebruik.</p>	<p>Die finale voorstelling word hieronder gewys:</p> 

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*: $42 + 9$

Leerders behoort hul denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $42 + 9$, tel ek 8 by 42 om 50 te kry, dan tel ek 1 by om 51 te kry'.

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Leerders wat sukkel om dit uit hulle koppe te doen, kan 'n 'rowwe' getallelyn trek om hulle te help.

Ondersteuningsvideo

Brugging Deur Tien 3



https://youtu.be/wDEEqU9B_5Q

BRUGGING DEUR TIEN: AANVANGSLES 3**1-Minuuat Hoofreken-opwarming**

a. Spring na die volgende veelvoud van 10 (bv. $23 \rightarrow 30$; $56 \rightarrow 60$)

b. Tel by 'n veelvoud van tien by

'Wat is ...?'


Onderwyser: $30 + 6 \rightarrow$ Leerders: 36

Onderwyser: $50 + 2 \rightarrow$ Leerders: 52

Onderwyser: $70 + 5 \rightarrow$ Leerders: 75 ensovoorts ...

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons die brugging deur tien-strategie vir optelbewerkings

<p>Wys op die skryfbord hoe om brugging deur tien toe te pas om 'n probleem op te los: $35 + 8$</p> <p>Trek 'n lyn en merk 'n punt, genoem '35'.</p> <p>Los die probleem op deur brugging deur tien-strategie te gebruik.</p>	<p>Die finale voorstelling word hieronder gewys:</p> 
--	--

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$44 + 8 \quad 39 + 7$$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik bv. 'vir $44 + 8$, tel ek 6 by 44 om 50 te kry, dan tel ek 2 by om 52 te kry'.

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Gee meer oefening aan die leerders wat vroeg klaarmaak:

$$43 + 8 \quad 67 + 6 \quad 84 + 7$$

BRUGGING DEUR TIEN: AANVANGSLES 4



1-Minuut Hoofrekena-opwarming

Getalkombinasies tot 10: Getalsinne vanaf 'n staafdiagram

<p>Onderwyser: Dit is 'n staafdiagram en dit wys dat 7 en 3, 10 maak.</p> <p>Onderwyser: 7 plus wat is 10?</p> <p>Leerders: 3</p> <p>Onderwyser: Dan, 3 plus wat is 10?</p> <p>Leerders: 7</p> <p>Onderwyser wys na elke bewerking op die skryfbord en die klas gee die ontbrekende getal.</p> <p>Gaan voort om vir die klas mondelings te vra, deur meer voorbeelde van getalkombinasies van 10 te gebruik:</p> <p style="padding-left: 20px;">1 + wat is 10? Dan 9 + wat is 10?</p> <p style="padding-left: 20px;">2 + wat is 10? Dan 8 + wat is 10?</p> <p style="padding-left: 20px;">6 + wat is 10? Dan 4 + wat is 10?</p>	<p>Skrif die volgende op die skryfbord:</p> <div style="text-align: center; border: 1px solid black; width: 150px; margin: 10px auto; padding: 5px;"> <table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="width: 50%; text-align: center; border-right: 1px solid black; padding: 5px;">7</td> <td style="width: 50%; text-align: center; padding: 5px;">3</td> </tr> <tr> <td colspan="2" style="text-align: center; padding: 5px;">10</td> </tr> </table> </div> <p>Skrif hierdie voorbeelde op die skryfbord:</p> <div style="display: flex; justify-content: space-around; margin: 10px 0;"> <table border="1" style="border-collapse: collapse; text-align: center;"> <tr><td style="width: 20px;">2</td><td style="width: 20px;">8</td></tr> <tr><td colspan="2" style="border-top: 1px solid black; padding-top: 5px;">10</td></tr> </table> <table border="1" style="border-collapse: collapse; text-align: center;"> <tr><td style="width: 20px;">6</td><td style="width: 20px;">4</td></tr> <tr><td colspan="2" style="border-top: 1px solid black; padding-top: 5px;">10</td></tr> </table> </div> <p>2 + <input style="width: 20px;" type="text"/> = 10</p> <p>8 + <input style="width: 20px;" type="text"/> = 10</p> <p><input style="width: 20px;" type="text"/> + 4 = 10</p> <p>4 + <input style="width: 20px;" type="text"/> = 10</p>	7	3	10		2	8	10		6	4	10	
7	3												
10													
2	8												
10													
6	4												
10													

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons brugging deur tien-strategie om die ontbrekende getal in die optelbewerking te vind.

<p>Gebruik brugging deur tien om die probleem op te los van: $34 + \square = 42$</p> <p>Trek 'n getallelyn wat '34' en '42' aandui.</p> <p>Onderwyser: Wat is die volgende veelvoud van 10 na 34?</p> <p>Leerders: 40</p> <p>Merk '40' op die getallelyn.</p> <p>Onderwyser: 34 plus wat is 40?</p> <p>Leerders: 6</p> <p>Skrif '6' in die blokkie bokant die sprong soos aangedui.</p>	<div style="text-align: center; margin-bottom: 10px;"> $34 + \square = 42$ </div>  <div style="text-align: center; margin-bottom: 10px;"> $34 + \square = 42$ </div> 
--	---

Indien leerders met die voorbeeld sukkel, vra dan vir hulle, '4 + wat is 10?'

Leerders behoort in staat te wees om '6' te antwoord so, wys vir hulle dat dit dieselfde is vir alle veelvoude van tien:

So, : $4 + 6 = 10$; $14 + 6 = 20$; $24 + 6 = 30$; $34 + 6 = 40$

Onderwyser: Wat word by 40 getel om 42 te kry?



Leerders: 2

Onderwyser: Wat is 6 plus 2? (wys na die 6 en 2 op die diagram)

Leerders: 8

Onderwyser: So, wat word by 34 getel om 42 te kry?

Leerders: 8



Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$28 + \square = 35 \quad 67 + \square = 72$$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir die eerste voorbeeld, die volgende veelvoud van 10 is 30, ek plus 2 om by 30 te kom en dan plus ek 5 om by 35 te kom. 2 plus 5 is 7.'

Sê vir leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Taak om huis toe te neem: Werkblad 1

Gee Werkblad 1 aan die einde van vandag se sessie aan die leerders.

Dit is nie nodig om tydgebonde te wees terwyl die leerders die werkblad voltooi nie. Die doel is om vir die leerders skriftelik oefening te gee van die werk wat hulle uit hulle koppe moes doen.

Ondersteuningsvideo





Brugging deur Tien 4



<https://youtu.be/INITWPDMFKY>

Naam:

Brugging Deur Tien: Werkblad I

1. $6 + 4 = \square$	13. $50 + 6 = \square$								
2. $1 + 9 = \square$	14. $50 + 4 = \square$								
3. 7 minder as 10 is \square	15. 8 minder as 30 is \square								
4. $10 = 3 + \square$	16. $20 = 19 + \square$								
5. <table border="1" style="width: 100%; text-align: center;"> <tr> <td style="width: 25%;">1</td> <td style="width: 75%;">\square</td> </tr> <tr> <td colspan="2">10</td> </tr> </table>	1	\square	10		17. <table border="1" style="width: 100%; text-align: center;"> <tr> <td style="width: 25%;">4</td> <td style="width: 75%;">\square</td> </tr> <tr> <td colspan="2">30</td> </tr> </table>	4	\square	30	
1	\square								
10									
4	\square								
30									
6. 	18. 								
7. $10 - 5 = \square$	19. $60 - 4 = \square$								
8. $10 - 8 = \square$	20. $60 - 7 = \square$								
9. <table border="1" style="width: 100%; text-align: center;"> <tr> <td style="width: 25%;">3</td> <td style="width: 75%;">7</td> </tr> <tr> <td colspan="2">\square</td> </tr> </table>	3	7	\square		21. <table border="1" style="width: 100%; text-align: center;"> <tr> <td style="width: 80%;">39</td> <td style="width: 20%;">1</td> </tr> <tr> <td colspan="2">\square</td> </tr> </table>	39	1	\square	
3	7								
\square									
39	1								
\square									
10. $\square + 4 = 10$	22. $\square + 3 = 23$								
11. $8 + \square = 10$	23. $30 + \square = 36$								
12. 	24. 								

Onderwysernotas

Hier kan jy notas maak van die les en watter leerders nog steeds hulp met die brugging deur tien-strategie nodig het. Jy kan ook notas maak van enige ander punte waaraan jy in die volgende aanvangsles aandag wil gee.

BRUGGING DEUR TIEN: AANVANGSLES 5

1-Minuut Hoofrekene-opwarming

a. Spring na die veelvoud van tien **voor**

Dit is nie afronding tot die naaste tien nie, maar spring na die veelvoud van tien **voor** ... op die getallelyn.

'Gee vir my die veelvoud van tien wat voor ... kom'

Onderwyser: 26 → Leerders: 20

Onderwyser: 53 → Leerders: 50 ensovoorts ...

b. Aftrek van 'n veelvoud van tien af

'Wat is ...?'





Onderwyser: 30 – 6 → Leerders: 24

Onderwyser: 50 – 2 → Leerders: 48

Onderwyser: 70 – 5 → Leerders: 65 ensovoorts ...

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons die brugging deur tien-strategie om aftrekbewerkings op te los.

<p>Probleem: $43 - 7$</p> <p>Skryf '$43 - 7 =$' op die skryfbord.</p> <p>Trek 'n lyn en merk 'n punt, genoem '43'.</p> <p>Onderwyser: Ons trek af, dus spring ons terug. Wat is die veelvoud van tien voor 43?</p> <p>Leerders: 40</p> <p>'n Leerder behoort te kom om die lyn te merk.</p>	<p style="text-align: center;">$43 - 7 =$</p> 
<p>Onderwyser: Ons moet 7 terug spring. Kom ons gee een sprong tot by die veelvoud van tien eerder as om in 1'e te tel. 43 minus wat gee 40?</p> <p>Leerders: 3</p>	<p style="text-align: center;">$43 - 7 =$</p> 
<p>Onderwyser: Ons het 3 afgetrek. Ons moet sewe aftrek. 7 verdeel in 3 en wat?</p> <p>Leerders: 4</p> <p>Verdeel 7 in $43 - 7$ in 3 en 4</p> <p>Onderwyser: Hoeveel meer het ons nodig om af te trek?</p> <p>Leerders: 4</p>	<p style="text-align: center;">$43 - 7 =$</p> 
<p>Onderwyser: Wat is 40 minus 4?</p> <p>Leerders: 36</p> <p>Onderwyser: So, $43 - 7 = 43 - 3 - 4 = 36$.</p> <p>Trek die oplossing op die getallelyn.</p>	<p style="text-align: center;">$43 - 7 = 36$</p> 

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$54 - 6 \quad 63 - 5$$

Die finale voorstelling word hieronder gewys: bv. 'vir $54 - 6$, trek ek 4 af van 54 om 50 te kry, dan trek ek 2 af, so die antwoord is 48.'

Sê vir leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Leerders wat sukkel om dit uit hulle koppe te doen, kan 'rowwe' getallelyne trek om hulle te help.

.

Ondersteuningsvideo

Brugging Deur Tien 5



<https://youtu.be/-bQNTOPly7I>

Ondersteuningsvideo

Brugging Deur Tien 6





<https://youtu.be/JvNKtAdrzm>

BRUGGING DEUR TIEN: AANVANGSLES 6**1-Minuut Hoofrekene-opwarming**

- a. Spring na die veelvoud van tien **voor** (bv. $23 \rightarrow 20$; $56 \rightarrow 50$)
 b. Trek af van 'n veelvoud van tien af (bv. $30 - 3 \rightarrow 27$; $40 - 6 \rightarrow 34$)

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons die brugging deur tien-strategie om aftrekbewerkings op te los.

<p>Vra leerders om te onthou wat gister gebeur het: Hoe het ons $43 - 7$ opgelos? Trek 'n lyn en merk 'n punt, genoem '43'. Laat leerders toe om die metode te beskryf, hoe dit werk en om dit op die skryfbord te wys.</p>	<p>Die finale voorstelling word hieronder gewys:</p> 
<p>Wys dan op die skryfbord hoe om 'n probleem op te los deur brugging deur tien: $27 - 8$ Trek 'n lyn, maak 'n merk, genoem '27' Los die probleem op deur die brugging deur tien-strategie te gebruik.</p>	<p>Die finale voorstelling word hieronder gewys:</p> 

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeeld uit hulle koppe te doen: $35 - 7$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $35 - 7$, trek ek 5 af van 35 om 30 te kry, dan trek ek 2 af om 28 te kry.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Gee meer oefening aan die leerders wat vroeg klaarmaak:

$42 - 8$

$62 - 6$

$84 - 7$

Ondersteuningsvideo

Brugging Deur Tien 7




https://youtu.be/npm_pVwiXD4

BRUGGING DEUR TIEN: AANVANGSLES 7**1-Minuut Hoofrekene-opwarming**

- a. Spring na die veelvoud van tien **voor** (bv. $23 \rightarrow 20$; $56 \rightarrow 50$)
 b. Trek af vanaf 'n veelvoud van tien (bv. $30 - 3 \rightarrow 27$; $40 - 6 \rightarrow 34$)

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons die brugging deur tien-strategie om aftrekbewerkinge op te los.

<p>Wys op die skryfbord hoe om deur brugging deur tien 'n probleem op te los: $35 - 8$</p> <p>Begin deur 'n lyn te trek en merk 'n punt, genoem '35'.</p> <p>Los die probleem op deur die brugging deur tien-strategie te gebruik.</p>	<p>Die finale voorstelling word hieronder gewys:</p> 
---	---

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$25 - 8 \quad 36 - 7$$

Leerders behoort hul denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $25 - 8$, trek ek 5 af van 25 om 20 te kry, dan trek ek 3 af om 17 te kry.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Leerders wat sukkel om dit uit hulle koppe te doen, kan 'rowwe' getallelyne trek om hulle te help

Gee meer oefening aan die leerders wat vroeg klaarmaak:

$$73 - 6 \quad 142 - 8 \quad 81 - 4$$





Taak om huis toe te neem: Werkblad 2

Gee Werkblad 2 aan die einde van vandag se sessie aan die leerders.

Dit is nie nodig om tydgebonde te wees terwyl die leerders die Werkblad voltooi nie. Die doel is om vir die leerders skriftelik oefening te gee van die werk wat hulle uit hulle koppe moes doen.

Naam:

Brugging Deur Tien: Werkblad 2

<p>1. $45 + 8 = \square$</p>	
<p>2. $54 - 6 = \square$</p>	
<p>3. $26 + \square = 34$</p>	
<p>4. $27 + \square = 27 + 3 + 5$</p>	
<p>5. $32 + 9 = 32 + 8 + \square$</p>	
<p>6. $67 + 6 = 67 + 3 + \square$</p>	
<p>7. $44 + \square = 44 + 6 + 23$</p>	
<p>8. $32 - \square = 32 - 2 - 5$</p>	
<p>9.</p>  <p style="margin-left: 40px;">$97 + \square + \square = 144$</p>	
<p>10.</p>  <p style="margin-left: 40px;">$153 - \square - \square = 95$</p>	

Onderwysernotas

Hier kan jy notas maak van die les en watter leerders nog steeds hulp met die brugging deur tien-strategie nodig het. Jy kan ook notas maak van enige ander punte waaraan jy in die volgende aanvangsles aandag wil gee.

BRUGGING DEUR TIEN: AANVANGSLES 8




1-Minuut Hoofrekene-opwarming

Getalkombinasies tot 10: Getalsinne vanaf 'n staafdiagram

<p>Onderwyser: Dit is 'n staafdiagram en dit wys dat 7 en 3, 10 maak.</p> <p style="text-align: center;">Ons kan ook sien dat $10 - 7 = 3$ deur na die diagram te kyk</p> <p>Onderwyser: So, 10 minus wat is 3?</p> <p>Leerders: 7</p> <p>Onderwyser: So, 10 minus wat is 7?</p> <p>Leerders: 3</p> <p>Onderwyser wys na elke bewerking op die skryfbord en die klas gee die ontbrekende getal.</p> <p>Gaan voort om vir die klas mondelings meer voorbeelde te vra deur getalkombinasies van 10 te gebruik:</p> <p style="padding-left: 20px;">10 minus wat is 1? 10 minus wat is 9? 10 minus wat is 2? 10 minus wat is 8? 10 minus wat is 4? 10 minus wat is 6?</p>	<p>Skryf die volgende op die skryfbord:</p> <div style="text-align: center; border: 1px solid black; width: 100px; margin: 0 auto; padding: 5px;"> <table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="width: 50%; border: 1px solid black; text-align: center; padding: 5px;">7</td> <td style="width: 50%; border: 1px solid black; text-align: center; padding: 5px;">3</td> </tr> <tr> <td colspan="2" style="border: 1px solid black; text-align: center; padding: 5px;">10</td> </tr> </table> </div> <p>Skryf hierdie voorbeelde op die skryfbord:</p> <div style="display: flex; justify-content: space-around; margin-bottom: 10px;"> <table border="1" style="border-collapse: collapse; text-align: center;"> <tr><td style="width: 20px;">2</td><td style="width: 20px;">8</td></tr> <tr><td colspan="2" style="border-top: 1px solid black; border-bottom: 1px solid black;">10</td></tr> </table> <table border="1" style="border-collapse: collapse; text-align: center;"> <tr><td style="width: 20px;">6</td><td style="width: 20px;">4</td></tr> <tr><td colspan="2" style="border-top: 1px solid black; border-bottom: 1px solid black;">10</td></tr> </table> </div> <p>$10 - \square = 6$</p> <p>$10 - \square = 4$</p> <p>$10 - \square = 2$</p> <p>$10 - \square = 8$</p>	7	3	10		2	8	10		6	4	10	
7	3												
10													
2	8												
10													
6	4												
10													

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons die brugging deur tien-strategie om die ontbrekende getal in die aftrek bewerkings te vind.

<p>Gebruik brugging deur tien om $42 - \square = 34$ op te los</p> <p>Trek 'n getallelyn wat '42' en '34' aandui.</p> <p>Onderwyser: Wat is die veelvoud van tien voor 42?</p> <p>Leerders: 40</p> <p>Merk '40' op die getallelyn</p> <p>Onderwyser: 42 minus wat is 40?</p> <p>Leerders: 2</p> <p>Skryf '2' in die blokkie bokant die sprong.</p> <p>Onderwyser: Wat neem ons weg van 40 om 34 te kry?</p> <p>Leerders: 6</p> <p>Indien die leerders met die voorbeeld sukkel, vra vir hulle '10 minus wat is 4?'</p> <p>Leerders behoort '6' te antwoord so, wys hulle dat dit dieselfde is vir alle veelvoude van tien;</p>	<div style="text-align: center; margin-bottom: 20px;"> $42 - \square = 34$  </div> <div style="text-align: center; margin-bottom: 20px;"> $42 - \square = 34$  </div> <div style="text-align: center;"> $42 - \square = 34$  </div>
---	--


So.: $10 - 6 = 4$; $20 - 6 + 14$; $30 - 6 = 24$; $40 - 6 = 34$
ens.

Onderwyser: Wat is 6 plus 2? (wys na 6 en 2 op die diagram)

Leerders: 8

Onderwyser: So, 42 minus wat is 34?

Leerders: 8



Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$35 - \square = 28 \quad 72 - \square = 67$$

Leerders moet hulle denkwyse verduidelik, bv. 'vir $35 - \square = 28$, die veelvoud van tien voor 35 is 30, so ek minus 5 om 30 te kry en dan moet ek 2 wegneem om 28 te kry. 5 plus 2 is 7.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Leerders wat sukkel om dit uit hulle koppe te doen, kan 'rowwe' getallelyne trek om hulle te help.

Ondersteuningsvideo

Brugging Deur Tien 8



<https://youtu.be/9YSloijDOso>

Naam:

Brugging deur tien: Post-toets

DEEL I

2 minute vir hierdie bladsy

1. $6 + 4 = \square$

11. $50 + 7 = \square$

2. $2 + 8 = \square$


12. $3 + 60 = \square$

3. $10 = 7 + \square$



13. $40 - 7 = \square$

4. 8 minder as 10 is \square

14. $40 + 8 = \square$




5. Wat is die volgende veelvoud van 10?



6. $100 + 27 = \square$


7. $10 - 5 = \square$

7. Wat is die veelvoud van 10 voor 34?



8. $10 - 3 = \square$

8. $\square + 8 = 50$



9. $30 - \square = 27$

10. $\square + 10 = 10$

20. $87 = 80 + \square$

Totaal uit 20

Brugging deur tien: Post-toets	
DEEL 2	3 minute vir hierdie bladsy
1. $66 + 8 = \square$	
2. $83 - 5 = \square$	
3. $93 - 7 = \square$	
4. $67 + \square = 73$	
5. $\square + 7 = 82$	
6. $67 + 5 = 67 + 3 + \square$	
7. $94 - \square = 94 - 4 - 2$	
8. $98 + 56 = 98 + 2 + \square$	
9. $103 - \square = 95$	
10. $98 + \square = 136$	
Totaal uit 10	

SPRINGSTRATEGIEË

Inleiding

Die fokus vir die eerste vier aanvangslesse is op tel deur die springstrategieë. In die volgende vier lesse val die klem op aftrek deur die springstrategieë. Sommige van die take moet deur die onderwyser op die skryfbord gelei word en sommige moet die leerders onafhanklik doen.

Vinnige Herroepvaardighede

Daar is ses vinnige herroepvaardighede wat leerders moet leer vir springstrategieë:

- Tel aan of terug in 10'e vanaf enige getal (bv. 12, 22, 32 of 57, 47, 37, ...)
- Plus of minus 10 vanaf enige getal (bv. $43 + 10 = 53$ of $89 - 10 = 79$)
- Tel 'n veelvoud van 10 by enige getal (bv. $61 + 20 = 81$)
- Trek 'n veelvoud van 10 af vanaf enige getal (bv. $46 - 30 = 16$)
- Spring na die volgende veelvoud van tien na 'n getal (bv. $32 \rightarrow 40$)
- Spring na die veelvoud van 10 voor 'n getal (bv. $56 \rightarrow 50$)

Naam:

Springstrategieë: Pre-toets

DEEL I

2 minute vir hierdie bladsy

1. Vul die ontbrekende getal in.




14, 24, 34, 44,

2. Vul die ontbrekende getal in.


79, 69, 59, 49,

3. $6 + 30 = \square$

4. $57 - 10 = \square$






8. $36 + \square = 40$




10. $31 - 20 = \square$

1. Wat is die volgende veelvoud van 10?



4. $16 + 30 = \square$

5. Wat is die veelvoud van 10 voor 48?



6. $79 - 40 = \square$

7. $38 - \square = 18$

8. $\square - 20 = 69$

9. $37 + \square = 77$

20. $\square + 20 = 66$

Totaal uit 20

Springstrategieë: Pre-toets	
DEEL 2	3 minute vir hierdie bladsy
1.	
2.	
3.	 $45 + \square + 7 = 82$
4.	 $53 - \square - 4 = 29$
5.	$57 + 26 = \square$
6.	$83 - 24 = \square$
7.	$19 + \square = 41$
8.	$62 - \square = 47$
9.	$61 - 32 = 61 - \square - 2$
10.	$74 - \square = 74 - 20 - 5$
Totaal uit 10	

SPRINGSTRATEGIEË: AANVANGSLES 1

1-Minuut Hoofrekene-opwarming

a. In die klas, 10 meer (kan dit afwissel sodat die hele klas antwoord)

Die onderwyser sê 'n getal en die leerders reageer in die klas met 10 meer as die laaste getal.

Onderwyser: 16

Leerder 1: 26 → Leerder 2: 36 → Leerder 3: 46 → Leerder 4: 56 en so meer.

b. In die klas, 10 minder (kan dit afwissel sodat die hele klas antwoord)




Die onderwyser sê 'n getal en die leerders reageer in die klas met 10 minder as die laaste getal.

Onderwyser: 128

Leerder 1: 118 → Leerder 2: 108 → Leerder 3: 98 → Leerder 4: 88 en so meer.

Taakvolgorde

In hierdie les stel ons springstrategieë bekend om optel probleme op te los.

<p>Probleem: $36 + 13$</p> <p>Skryf '$36 + 13 =$' op die skryfbord.</p> <p>Plaas 36 na aan die begin van die lyn (want met optel gaan ons vorentoe spring).</p>	<p style="text-align: center;">$36 + 13 =$</p> 
<p>Onderwyser: Ons moet 13 spronge vorentoe spring. Kom ons breek 13 op in 10 en 3. Wat is $36 + 10$?</p> <p>Leerders: 46</p> <p>Trek die +10 sprong, land op 46.</p>	<p style="text-align: center;">$36 + 13 =$</p> <p style="text-align: center;">10 3</p> 
<p>Onderwyser: Ons moet nog 3 spronge vorentoe spring. Wat is 46 plus 3?</p> <p>Leerders: 49</p> <p>Skryf op die getallelyn soos dit gewys word.</p> <p>Onderwyser: Ons volg die volgende stappe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ons plaas die eerste getal • Ons breek die tweede getal wat ons bytel op • Ons spring eers die tiene en daarna die ene • Ons gee die antwoord <p>Onderwyser: So, $36 + 13$ is dieselfde as $36 + 10 + 3 = 49$ omdat ons 13 bytel deur eers 10 en daarna 3 by te tel.</p> <p>Skryf die getalsin soos dit gewys word.</p>	<p style="text-align: center;">$36 + 13 = 49$</p> <p style="text-align: center;">10 3</p>  <p style="text-align: center;">$36 + 10 + 3 = 49$</p>

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$64 + 12 \quad 24 + 15$$

Leerders moet hulle denkwyse verduidelik, bv. 'vir $64 + 12$, ek het 10 by 64 getel om 74 te kry, daarna het ek 2 bygetel, so die antwoord is 76.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Leerders wat sukkel om dit uit hulle koppe te doen, kan 'rowwe' getallelyne trek om hulle te help.

Ondersteuningsvideo

Springstrategieë 1



<https://youtu.be/FPTVoIFFd3k>

SPRINGSTRATEGIEË: AANVANGSLES 2

1-Minuut Hoofrekene-opwarming

Pop Fizz: 10 meer of 10 minder

a. Die onderwyser sê 'pop', leerders sê 'fizz'; onderwyser sê 'n getal, die leerders reageer met **nog 10** (of 'n veelvoud van 10 meer):



Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 3		Leerders: 13	
Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 53	→	Leerders: 63	ensovoorts ...

b. Die onderwyser sê 'pop' die leerders sê 'fizz'; onderwyser sê 'n getal, die leerders reageer met **minder as 10** (of 'n veelvoud van 10 minder):

Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 49	→	Leerders: 39	
Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 78	→	Leerders: 68	ensovoorts ...

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons springstrategieë om optelprobleme op te los.

<p>Vra vir die leerders om te probeer onthou van gister: Hoe het ons $36 + 13$ opgelos?</p> <p>Begin deur 'n lyn te trek en maak 'n merk, genoem '36'.</p> <p>Laat die leerders toe om die metode aan die maatjie langsaan te beskryf en vra dan 'n groep om dit op die skryfbord te wys.</p> <p>Herinner die leerders aan die stappe wat hulle voorheen gebruik het:</p> <p>plaas, opbreek, spring en antwoord.</p>	<p>Die finale voorstelling word hieronder gewys:</p> 
<p>Wys dan op die skryfbord hoe om springstrategieë te gebruik om $47 + 21$ op te los:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Plaas 47 op die getallelyn • Breek 21 in 20 en 1 op • Spring 20 vorentoe en dan 1 sprong vorentoe. Sommige leerders sal twee spronge van 10 vorentoe gee in plaas van een sprong van 20 – dit is korrek • Gee die antwoord <p>Onderwyser: So, $47 + 21$ is dieselfde as</p> $47 + 20 + 1 = 68$ <p>Skryf die getalsin soos wat dit gewys word.</p>	<p>Die finale voorstelling word hieronder gewys:</p>  <p style="text-align: center;">$47 + 20 + 1 = 68$</p>

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$43 + 24 \quad 31 + 25$$

Leerders moet hulle denkwyse verduidelik, bv. 'vir $43 + 24$, ek tel 20 by om 63 te kry, dan tel ek 4 by, so die antwoord is 67.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Ondersteuningsvideo

Springstrategieë 2



<https://youtu.be/6RkP5bSpINQ>

Ondersteuningsvideo

Springstrategieë 3




<https://youtu.be/JAGey218ADw>

SPRINGSTRATEGIEË: AANVANG LES 3**1-Minuut Hoofrekene-opwarming**

Pop-Fizz: 10 meer en 10 minder; 20 meer en 20 minder

Taakvolgorde

In hierdie les verleng ons springstrategieë om 'n brugging deur tien-stap in te sluit.

<p>Wys op die skryfbord hoe om springstrategieë te gebruik om $35 + 16$ op te los:</p> <p>Skryf die getalsin op die skryfbord en trek 'n leë getallelyn.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Plaas 35 op die getallelyn • Breek 16 in 10 en 6 op • Spring 10 vorentoe tot by 45. Spring die oorblywende 6 deur brugging deur die volgende veelvoud van 10 (dit is 50). So die 6 moet opgebreek word in 5 en 1. Spring vorentoe 5 en 1 • Gee die antwoord <p>Onderwyser: So, $35 + 16$ is dieselfde as</p> $35 + 10 + 6 = 51 \text{ of } 35 + 10 + 5 + 1 = 51.$ <p>Skryf die getalsin soos wat dit gewys word.</p>	<p>Die finale voorstelling word hieronder gewys:</p>  <p style="text-align: center;">$35 + 16 = 51$</p> <p style="text-align: center;">10 6 / \ 5 1</p> <p style="text-align: center;">+10 +5 +1</p> <p style="text-align: center;">35 45 50 51</p> <p style="text-align: center;">$35 + 10 + 6 = 51$</p> <p style="text-align: center;">$35 + 10 + 5 + 1 = 51$</p>
---	--

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$39 + 23 \quad 68 + 35$$

Leerders moet hulle denkwysse verduidelik, bv. 'vir $39 + 23$, ek tel 20 by 39 om 59 te kry, tel dan 1 by om 60 te kry, daarna 2 by, so die antwoord is 62.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Gee meer oefening aan die leerders wat vroeg klaarmaak:

$$36 + 28 \quad 47 + 34$$

SPRINGSTRATEGIEË: AANVANGSLES 4

1-Minuut Hoofrekene-opwarming

Spring na die **volgende** veelvoud van tien

Dit is nie afronding tot die naaste tien nie, maar spring na die **volgende** veelvoud van tien op die getallelyn.

'Wat is die volgende veelvoud van tien **na** ...?'

Onderwyser: 47 → Leerders: 50
 Onderwyser: 55 → Leerders: 60
 Onderwyser: 32 → Leerders: 40 ensovoorts ...

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons springstrategieë om ontbrekende getal-somme op te los.

Wys op die skryfbord hoe om springstrategieë te gebruik om $23 + \square = 37$ soos volg op te los:

Skryf die getalsin op die skryfbord en trek 'n leë getallelyn.

Stip '23' op die getallelyn.

Onderwyser: Ons moet vorentoe spring tot by 37.

Merk 37 op die getallelyn.

Onderwyser: Watter tiene sprong en watter ene sprong behoort ons te maak?

Leerders: Spring 10 om tot by 33 te kom en spring 4 om tot by 37 te kom.

Trek hierdie spronge op die getallelyn.



Onderwyser: Hoeveel het ons in totaal gespring?

Leerders: 14

Skryf 14 in die blokkie.

Onderwyser: So, $23 + 10 + 4$ is dieselfde as

$$23 + 14 = 37.$$



Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$45 + \square = 67 \quad 67 + \square = 81$$

Leerders moet hulle denkwyse verduidelik, bv. 'vir $45 + \square = 67$, ek tel 20 by 45 om 65 te kry, dan tel ek 2 by om 67 te kry, so die totale sprong is 22.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Gee meer oefening aan die leerders wat vroeg klaarmaak:

$$45 + \square = 68 \quad 67 + \square = 83$$

Taak om huis toe te neem: Werkblad 1

Gee Werkblad 1 aan die einde van vandag se sessie aan die leerders.

Dit is nie nodig om tydgebonde te wees terwyl die leerders die werkblad voltooi nie. Die doel is om vir die leerders skriftelik oefening te gee van die werk wat hulle uit hulle koppe moes doen.

Ondersteuningsvideo











Springstrategieë 4



<https://youtu.be/A9vFXHWkzUo>

Naam:

Springstrategieë: Werkblad I

1. $75 - 10 = \square$	11. $14 + 50 = \square$
2. 	12. 
3. 17 27 37 \square 57	13. 86 76 66 56 \square
4. $47 + \square = 50$	14. $68 - \square = 8$
5. Wat is die volgende veelvoud van 10? 	15. 
6. 	16. 
7. $52 - 20 = \square$	17. $4 + 50 = \square$
8. 	18. 
9. 	19. Wat is die veelvoud van 10 voor 37? 
10. $45 + \square = 85$	20. $97 - 60 = \square$

Onderwysernotas

Hier kan jy notas maak van die les en watter leerders nog steeds hulp met die verskillende strategieë nodig het. Jy kan ook notas maak van enige ander punte waaraan jy in die volgende aanvangsles aandag wil gee.

Ondersteuningsvideo

Springstrategieë 5



<https://youtu.be/dFV5gmY68Sc>




SPRINGSTRATEGIEË: AANVANGSLES 5

1-Minuut Hoofrekene-opwarming

- a. In die klas 10 meer
b. In die klas 10 minder

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons springstrategieë om aftrekbewerkings op te los.

<p>Probleem: $43 - 12$</p> <p>Skryf '$43 - 12 =$' op die skryfbord.</p> <p>Plaas '43' naby die einde van die lyn (want aftrek beteken dat ons terug/agtertoe spring).</p>	<p style="text-align: center;">$43 - 12 =$</p> 
<p>Onderwyser: Ons moet 12 terug spring. Kom ons breek 12 op in 10 en 2. Wat is $43 - 10$?</p> <p>Leerders: 33</p> <p>Maak die -10 sprong, land op 33.</p>	<p style="text-align: center;">$43 - 12 =$</p> <p style="text-align: center;">10 2</p> 
<p>Onderwyser: Ons moet nog steeds 2 terug spring. Wat is 33 minus 2?</p> <p>Leerders: 31</p> <p>Skryf dit op die getallelyn soos dit gewys word.</p> <p>Onderwyser: Ons het 12 afgetrek deur 10 af te trek en daarna 2.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ons het die eerste getal geplaas • Ons het die tweede getal opgebreek • Ons het die tiene gespring en daarna die ene (spronge agtertoe omdat ons aftrek) • Ons gee die antwoord <p>Onderwyser: So, $43 - 12$ is dieselfde as $43 - 10 - 2 = 31$. Skryf die getalsinne soos wat dit gewys word.</p>	<p style="text-align: center;">$43 - 12 = 31$</p> <p style="text-align: center;">10 2</p> 

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$62 - 12 \quad 53 - 11$$

Leerders moet hulle denkwysse verduidelik, bv. 'vir $62 - 12$, ek trek 10 af van 62 om 52 te kry, dan trek ek 2 af, so die antwoord is 50.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

SPRINGSTRATEGIEË: AANVANGSLES 6

1-Minuut Hoofrekene-opwarming

a. Tel 10 by (of tel 'n veelvoud van 10 by)

Dieselfde metode soos by '10 meer' maar, hierdie keer gee die onderwyser 'n 'tel 10 by'-probleem.

Onderwyser: $16 + 10$ → Leerders: 26
 Onderwyser: $84 + 10$ → Leerders: 94
 Onderwyser: $96 + 10$ → Leerders: 106 ensovoorts ...



b. Trek 10 af (of trek 'n veelvoud van 10 af)

Dieselfde metode as '10 minder', maar hierdie keer gee die onderwyser 'n 'trek 10 af'-probleem.

Onderwyser: $56 - 10$ → Leerders: 46
 Onderwyser: $84 - 10$ → Leerders: 74
 Onderwyser: $95 - 10$ → Leerders: 85 ensovoorts ...

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons springstrategieë om aftrekbewerkings op te los.

a. Pop-Fizz: Hoe om te spring tot by die naaste veelvoud van 10 (kies getalle met 7, 8 en 9, bv. $27 \rightarrow 30$; $58 \rightarrow 60$; $49 \rightarrow 50$)

b. Vinnige berekeninge: Tel by 1, 2 of 3

'Wat is ...?'

Onderwyser: $61 + 2$

Leerders: 63

Onderwyser: $52 + 3 \rightarrow$

Leerders: 55

Onderwyser: $77 + 1$

Leerders: 78

Onderwyser: $69 + 2 \rightarrow$

Leerders: 71




Onderwyser: $58 + 3$

Leerders: 61

ensovoorts ...

Taakvolgorde

In hierdie les stel ons die afronding- en aanpassingstrategie vir aftrek bekend.


<p>Onderwyser: Wanneer ons 28 of 38 of 48 aftrek van 'n getal, kan ons die afronding- en aanpassingstrategie gebruik? Hoe kan ons dit gebruik om $56 - 28$ op te los?</p> <p>Indien die leerders sukkel om die metode te beskryf, vra:</p> <p>Onderwyser: Watter makliker getal is na aan 28?</p> <p>Leerders: 30</p> <p>Onderwyser: Indien ons 28 afrond tot 30 en dan 30 terug spring vanaf 56, waar sal ons land?</p> <p>Leerders: 26 (wys dit op die skryfbord)</p> <p>Onderwyser: Hoe moet ons 26 aanpas?</p> <p>Vra leerders om die logika agter die aanpassing van die antwoord te verduidelik: Ons het twee ekstra afgetrek, so ons moet twee by die antwoord tel om 28 te kry.</p> <p>Wys dit op die getallelyn op die skryfbord.</p>	<p>$56 - 28$</p>  <p>Voeg by tot die getallelyn:</p> 
<p>Onderwyser: Wanneer ons 27 of 37 of 47 van 'n getal aftrek, kan ons die afronding- en aanpassingstrategie gebruik? Hoe kan ons dit gebruik om $56 - 37$ op te los?</p> <p>Indien leerders sukkel om die metode te beskryf, vra:</p> <p>Onderwyser: Watter makliker getal is na aan 37?</p> <p>Leerders: 40</p> <p>Onderwyser: Indien ons 37 afrond tot 40 en dan 40 terug spring vanaf 56. Waar sal ons land?</p>	<p>$56 - 37$</p>  <p>Voeg by tot die getallelyn:</p>

Leerders: 16 (wys dit op die skryfbord)

Onderwyser: Hoe moet ons 16 aanpas?

Vra leerders om die logika agter die aanpassing van die antwoord te verduidelik: Ons het drie ekstra afgetrek, so, ons moet twee by die antwoord tel om 19 te kry.

Wys dit op die getallelyn op die skryfbord



Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$45 - 18 \quad 84 - 48 \quad 65 - 27$$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $45 - 18$, ek het 18 afgerond tot 20 en 20 van 45 afgetrek om 25 te kry; toe het ek die antwoord aangepas deur 2 by te tel, so die antwoord is 27.' Soos wat jy die leerders se metodes herhaal, beklemtoon waar hulle afgerond en aangepas het.

Ondersteuningsvideo

Afronding & Aanpassing 6



<https://youtu.be/kG9NCQ9gBPY>

AFRONDING & AANPASSING: AANVANGSLES 7**1-Minuut Hoofrekene-opwarming**

a. Pop-Fizz: Naaste veelvoud van 10

b. Pop-Fizz: Hoe om te spring tot by die naaste veelvoud van 10

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons die afronding- en aanpassingstrategie in berekeninge waar meer as een getal afgerond kan word.

<p>Onderwyser: Ons kan ook afronding en aanpassing gebruik wanneer beide getalle na aan makliker getalle is, bv. $19 + 39$.</p> <p>Wys vir die leerders op die skryfbord die afronding- en aanpassingsmetode vir: $19 + 39$</p> <p>Soos jy op die skryfbord skryf, verduidelik:</p> <p>Onderwyser: Ons kan albei getalle afrond tot 20 en 40 en dit bymekaar tel om 60 te kry. Ons sit 1 by elke getal en dus moet ons aanpas deur 2 van 60 af te trek om 58 te kry.</p> <p>Soos wat jy die leerders se metodes herhaal, beklemtoon waar hulle afgerond en aangepas het.</p> <p><i>Nota: Wanneer ons albei getalle aanpas, wys ons dit in 'n geskrewe berekening eerder as op die getallelyn.</i></p>	$19 + 39 \text{ (rond beide af)}$ $= 20 + 40 \text{ en pas } - 2 \text{ aan}$ (- 1 vir elkeen) $= 60 - 2$ $= 58$
<p>Onderwyser: Hoe kan jy afronding en aanpassing gebruik vir $28 + 49$?</p> <p>Wys vir die leerders op die skryfbord die metode vir afronding en aanpassing vir hierdie berekening.</p>	$28 + 49 \text{ (rond beide af)}$ $= 30 + 50 \text{ en pas aan } - 3$ $\text{(- 2 en } - 1)$ $= 80 - 3$ $= 77$
<p>Onderwyser: Hoe kan jy afronding en aanpassing gebruik vir $57 + 59 + 48$?</p> <p>Wys vir die leerders op die skryfbord die metode vir afronding en aanpassing vir hierdie berekening.</p>	$57 + 59 + 48 \text{ (rond af almal)}$ $= 60 + 60 + 50 \text{ en pas aan } - 6$ $\text{(- 3, } - 1, - 2)$ $= 170 - 6$ $= 164$

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$38 + 29 \quad 57 + 28 \quad 19 + 19 + 19$$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $38 + 29$, ek rond 38 af tot 40 en vir 29 tot 30 en tel dan 40 en 30 bymekaar om 70 te kry, ek pas die antwoord aan deur 3 af te trek, so die antwoord is 67.' Soos wat jy die leerders se metodes herhaal, beklemtoon waar hulle afgerond en aangepas het.

Indien leerders sukkel om hulle denkwysse te verduidelik, vra hulle om hulle geskrewe metodes vir jou te wys (soos die skryfbordwerk wys).

Taak om huis toe te neem: Werkblad 2

Gee Werkblad 2 aan die einde van vandag se sessie aan die leerders.

Dit is nie nodig om tydgebonde te wees terwyl die leerders die werkblad voltooi nie. Die doel is om vir die leerders skriftelik oefening te gee van die werk wat hulle uit hulle koppe moes doen.

Ondersteuningsvideo

Afronding & Aanpassing 7



<https://youtu.be/0TOGmefwNxQ>

Naam:

Afronding & Aanpassing: Werkblad 2


1. $56 + 29 = \square$

2. $54 - 38 = \square$


3. $45 + 37 = \square$

4. $325 - 99 = \square$

5. $47 + 49 + 48 = \square$



$$47 + \square = 47 + 10 - 1$$



$$77 - 28 = 77 - 30 + \square$$

8. $66 + 28 = 66 + \square - 2$

9. $95 - 39 = 95 - \square + 1$

10. Omkring die getalsin wat dieselfde antwoord gee as:

$$80 - 39$$

$$80 + 40 - 1$$

$$80 + 40 + 1$$

$$80 - 40 + 1$$

$$80 - 40 - 1$$

Onderwysernotas

Hier kan jy notas maak van die les en watter leerders nog steeds hulp benodig met die verskillende strategieë. Jy kan ook notas maak van enige ander punte waaraan jy aandag wil gee in die volgende aanvangsles.

AFRONDING & AANPASSING: AANVANGSLES 8**1-Minuut Hoofrekene-opwarming**

Rond in die klas 20 meer, 30 meer, 30 minder, 40 minder

Taakvolgorde

In hierdie les kies ons die beste strategie om te gebruik en die gebruik van die afronding- en aanpassingstrategie in berekening waar dit die maklikste is.

<p>Skryf vier pare somme op die skryfbord soos wat dit gewys word en vra die leerders om te sê:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wat hulle sal gebruik: die afronding en aanpassingstrategie of • 'n Ander strategie soos (springstrategie, brugging deur tien of verdubbeling) <p>Vra leerders om redes vir hulle keuses te gee. <i>Nota: 99 + 99 gesien as 100 + 100 – 2 gebruik afronding, verdubbeling (dubbel 100 is 200) en aanpassing.</i></p> <p>Bespreek met die leerders dat wanneer hulle verskillende strategieë ken, hulle in staat sal wees om 'n strategie te kies wat die vinnigste is om te gebruik en hulle kan strategieë kombineer.</p>	$38 + 49$ $22 + 36$ $38 - 13$ $47 - 29$ $29 + 38 + 39$ $14 + 24 + 33$ $99 + 99$ $45 + 45$
<p>Vra leerders om te bespreek hoe hulle afronding en aanpassing sal gebruik om voorbeelde hieronder op te los:</p> $38 + 49$ $47 - 29$ $29 + 38 + 39$ <p>Leerders behoort iets soos die volgende te sê:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Rond 38 tot 40 af en 49 tot 50, tel 40 en 50 bymekaar om 90 te kry en maak 'n aanpassing deur 3 van 90 af te trek. • Rond 29 tot 30 af, trek 30 van 47 af om 17 te kry, pas daarna aan deur 1 weer by te tel om 18 te kry. • Rond 29 tot 30 af en beide 38 en 39 tot 40, tel dan 30, 40 en 40 bymekaar om 110 te kry en pas aan deur 4 af te trek om 106 te kry. 	$38 + 49$ $47 - 29$ $29 + 38 + 39$
<p>Vra leerders om mondelings hierdie sinne te voltooi:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Om 18 by 'n getal te voeg, tel ek _____ by dan trek ek _____ af. • Om 18 van 'n getal af te trek, trek ek _____ af en tel dan _____ by. <p>Vra leerders om die blokkies wat op die skryfbord geskryf is, in te vul.</p>	<p>Tel by 38 en dit gee dieselfde antwoord as:</p> $+ \square - \square$ <p>Trek af 49 en dit gee dieselfde antwoord as:</p> $- \square + \square$ <p>Tel 99 by en dit gee dieselfde antwoord as:</p> $+ \square - \square$

	Trek 28 af en dit gee dieselfde antwoord as: – <input type="checkbox"/> + <input type="checkbox"/>
--	---

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde *uit hulle koppe te probeer*:

$$29 + 48 \quad 37 - 28 \quad 39 + 28 + 49$$

Leerders behoort hulle denkwyse te verduidelik, bv. 'vir $29 + 48$, ek rond 29 af tot 30 en vir 48 tot 50, ek tel 50 en 30 bymekaar om 80 te kry, ek pas die antwoord aan deur 3 af te trek, so die antwoord is 57. Soos wat jy die leerders se metodes herhaal, beklemtoon waar hulle afgerond en aangepas het.

Indien leerders sukkel om hulle metodes te verduidelik, vra hulle om hulle metode in geskrewe vorm vir jou te wys.

Ondersteuningsvideo

Afronding & Aanpassing 8



https://youtu.be/mij_d45rw00

Naam:

Afronding & Aanpassing: Post-toets

DEEL I

2 minute vir hierdie bladsy

1. $34 + 20 = \square$

11. $29 + 2 = \square$

2. $42 - 3 = \square$

12. $68 + 10 = \square$

3. $57 - 10 = \square$

13. $38 + 3 = \square$

4. $51 - 2 = \square$

14. $145 + 30 = \square$

5. $178 - 30 = \square$

15. $97 - 60 = \square$

6. $43 + 40 = \square$

16. $48 = \square - 2$

7. $29 = \square - 1$

17. $79 + \square = 80$

8. $37 + \square = 40$

18. dubbel 50 = \square

9. $97 = 100 - \square$

19. dubbel 100 = \square

10. $88 + \square = 90$

20. $28 + \square = 30$

Totaal uit 20

Afronding & Aanpassing: Post-toets

DEEL 2

3 minute vir hierdie bladsy


1. $34 + 19 = \square$

2. $54 - 29 = \square$


3. $27 + 98 = \square$

4. $234 - 99 = \square$

5. $97 + 98 + 99 = \square$



$68 + \square = 68 + 10 - 1$



$67 - 18 = 67 - 20 + \square$

8. $56 + 28 = 56 + \square - 2$

9. $84 - 39 = 84 - \square + 1$

10. Omkring die getalsin wat dieselfde antwoord gee as:

$60 - 29$

$60 - 30 + 1$

$60 + 30 + 1$

$60 + 30 - 1$

$60 - 30 - 1$

Totaal uit 10

HERRANGSKIK

Inleiding

Die fokus vir die aanvangslesse in hierdie afdeling is herrangskik en die verskillende maniere waarop herrangskik gebruik kan word (verander die volgorde van die getalle in berekening) om optel- en vermenigvuldigingberekeninge makliker te maak om uit te werk. Dikwels behels dit om kombinasies te kry wat makliker getalle maak om maklik mee berekeninge te doen. Makliker getalle is getalle wat makliker is om mee te werk en dit sluit dikwels veelvoude van tien in. Sommige van die take moet deur die onderwyser op die skryfbord gelei word en sommige moet die leerders onafhanklik doen.

Vinnige Herroep Strategieë

Daar is twee vinnige herroepstrategieë wat leerders moet leer: die herrangskikstrategie:

- Herken kombinasies van getalle wat bymekaar getel kan word of opgebou kan word om veelvoude van 10 te maak (bv. 6 en 4 of 3 en 7, maar ook 16 en 4 of 32 en 18)
- Herken kombinasies van getalle wat met mekaar vermenigvuldig kan word om veelvoude van 10 te maak (bv. 2×5 , 5×4).

Naam:

Herrangskik: Pre-toets




DEEL I

2 minute vir hierdie bladsy

1. Omkring twee getalle wat saam 10 gee. 7 4 2 3 9	11. $100 + 14 = \square$				
2. Omkring twee getalle wat saam 10 gee. 5 4 1 6 8	12. $2 \times 5 = \square$				
3. $6 + \square = 10$	13. Omkring twee getalle wat saam 20 gee. 8 14 12 3 19				
4. $9 + 11 = \square$	14. Omkring twee getalle wat saam 20 gee. 15 4 1 16 8				
5. Omkring twee getalle wat saam 100 gee. 24 50 30 38 70	15. $50 \times 2 = \square$				
6. Omkring twee getalle wat saam 100 gee. 51 17 29 49 60	16. $140 + \square = 149$				
7. $20 = 8 + \square$	17. Omkring twee getalle wat saam 30 gee. 18 14 12 7 19				
8. $\square + 3 = 20$	18. Omkring twee getalle wat saam 30 gee. 10 14 9 16 13				
9. <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"> <tr> <td style="padding: 5px;">21</td> <td style="padding: 5px;"><input style="width: 40px; height: 20px;" type="text"/></td> </tr> <tr> <td colspan="2" style="padding: 5px; text-align: center;">30</td> </tr> </table>	21	<input style="width: 40px; height: 20px;" type="text"/>	30		19. $\begin{array}{r} + \\ 69 \end{array}$ $69 + \square = 100$
21	<input style="width: 40px; height: 20px;" type="text"/>				
30					
10. $56 + 30 = \square$	20. $22 + 18 = \square$				

Totaal uit 20

Naam:	
Herrangskik: Pre-toets	
DEEL 2	3 minute vir hierdie bladsy
1.	$6 + 98 = \square$
2.	$17 + 48 + 13 = \square$
3.	$199 + 98 + 1 + 2 = \square$
4.	$37 + 56 + 13 = \square$
5.	$38 + 125 + 15 = \square$
6.	$2 \times 7 \times 5 = \square$
7.	$6 + 98 = 98 + \square$
8.	$96 + 58 + 4 = 100 + \square$
9.	$99 + 97 + 1 + \square = 200$
10.	<p>Omkring die beste twee getalle wat eerste bymekaar getel kan word in hierdie stel:</p> <p style="text-align: center;">37 88 12</p>
Totaal uit 10	

<p>Hou 'n groot sak in die een hand en 'n kleiner sakkie in die ander hand.</p>  <p>Onderwyser: Nou verbeel ek my dat ek 7 lekkers in hierdie sak het (hou die kleiner sak op) en 76 lekkers in hierdie sak (hou die groot sak op) so, ek het 7 + 76 lekkers.</p> <p>Kruis jou hande voor jy sê:</p> <p>Onderwyser: Nou het ek 76 + 7, maar ek het dieselfde hoeveelheid lekkers. So, 7 + 76 = 76 + 7.</p>	<p>Skryf op die skryfbord:</p> $7 + 76 = 76 + 7$
<p>Onderwyser: Is dit vinniger om 7 + 76 of 76 + 7 uit te werk?</p> <p>Gebruik twee getallelyne om te wys dat om 7 by 76 te tel baie vinniger is as om 76 by 7 te tel omdat daar minder spronge is.</p> <p>Trek die twee getallelyne op die skryfbord om dit te wys.</p> <p><i>Nota: Die getallelyn wys tel 7 by deur 4 by 76 te voeg om 80 te kry en 3 by te tel. Sommige leerders mag in staat wees om onmiddellik 7 by te tel, dis goed. Herinner leerders om nie in ene te tel nie.</i></p>	<p>7 + 76</p>  <p>76 + 7</p> 

Individuele Take

Watter berekening hieronder behoort herrangskik te word voor dit bereken word? Leerders kan 'n rowwe getallelyn gebruik om hulle te help indien nodig.

$$5 + 46 \quad 86 + 6 \quad 7 + 68 \quad 84 + 9$$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir 5 + 46, ek herrangskik dit en sê 46 + 5, tel 4 by 46 om 50 te kry en tel 1 by 50 om 51 te kry.'

Sê vir die leerders om NIE in ene te tel nie.

Ondersteuningsvideo

Herrangskik 1



<https://youtu.be/FIIM2einnNo>

Ondersteuningsvideo

Herranskik 2



<https://youtu.be/PdZN9ZWaoDQ>

HERRANGSKIK: AANVANGSLES 2**1- Minuut Hoofrekene-opwarming**

Berekeninge wat met mekaar verband hou (bv. $8 + 2 \rightarrow 10$; $18 + 2 \rightarrow 20$; $28 + 2 \rightarrow 30$)

Die onderwyser skryf 'n aanvangsberekening op die skryfbord:

$$8 + 2 = 10$$

Die onderwyser sê vir die leerders dat ons weet dat 8 plus 2 gelyk aan 10 is en vra vir die antwoord as 'n verwante berekening. Dui individuele leerders aan wat sal aandui:




Onderwyser: $18 + 2 \rightarrow$ Leerder 1: 20

Onderwyser: $28 + 2 \rightarrow$ Leerder 2: 30

Onderwyser: $38 + 2 \rightarrow$ Leerder 3: 40 ensovoorts ...

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons die herrangskikstrategie.

<p>Probleem: $5 + 47$</p> <p>Onderwyser: Om $5 + 47$ te bereken kan ons eerder begin by 5 en 47 vorentoe spring of ons kan begin by 47 en 5 vorentoe spring. Wat sal vinniger wees?</p> <p>Teken getallelyne vir beide opsies op die skryfbord indien dit nodig is om te wys dat $47 + 5$ minder spronge het.</p>	<p>$5 + 47$</p> 						
<p>Onderwyser: Kyk na hierdie berekeninge. Plaas hulle in twee groepe: die berekeninge wat ons gaan herrangskik sodat dit vinniger gedoen kan word en dié wat kan bly net soos wat dit is.</p>	<p>Skryf:</p> <table style="width: 100%; text-align: center;"> <tbody> <tr> <td>$23 + 9$</td> <td>$15 + 47$</td> <td>$8 + 63$</td> </tr> <tr> <td>$68 + 7$</td> <td>$6 + 93$</td> <td>$57 + 26$</td> </tr> </tbody> </table> <div style="display: flex; justify-content: space-around; align-items: center;"> <div style="text-align: center;">  <p>Herrangskik</p> </div> <div style="text-align: center;">  <p>Moet nie herrangskik nie</p> </div> </div>	$23 + 9$	$15 + 47$	$8 + 63$	$68 + 7$	$6 + 93$	$57 + 26$
$23 + 9$	$15 + 47$	$8 + 63$					
$68 + 7$	$6 + 93$	$57 + 26$					

Individuele Taak

Leerders behoort nou getallelyne te trek om die volgende berekeninge te doen. Leerders behoort nou die herrangskikberekening te skryf, trek 'n getallelyn en skryf die antwoord:

$$8 + 63 \quad 6 + 97$$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $8 + 63$, ek herrangskik dit om te sê $63 + 8$, dan tel ek 7 by 63 om 70 te kry en dan tel ek 1 by 70 om 71 te kry.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

.

HERRANGSKIK: AANVANGSLES 3**1- Minuut Hoofrekene-opwarming**

In die klas: Maak makliker getalle

Die onderwyser skryf drie verwante getalsinne om makliker getalle te maak op die skryfbord, bv. $7 + 3 = 10$ $17 + 3 = 20$ $37 + 3 = 40$

Vra vir die leerders in die klas vir ander getalsinne wat verwant is aan hierdie patroon wat makliker getalle maak. Skryf die reaksies op die skryfbord.

Leerder 1: $47 + 3 = 50$ → Leerder 2: $87 + 3 = 90$ → Leerder 3: $107 + 3 = 110$ → ens.

Sommige leerders kan sê $17 + 13 = 30$ of $37 + 23 = 60$. Dit kan ook neergeskryf word.

Taakvolgorde

In hierdie les vind ons makliker getalkombinasies om berekeninge met drie getalle makliker te maak.

<p>Probleem: $26 + 17 + 4$</p> <p>Onderwyser: Ons kan die berekening in hierdie volgorde doen, maar ek sien 'n makliker getalkombinasie in die getalsin. Waar is die makliker getal kombinasie?</p> <p>Leerders: $26 + 4 = 30$</p> <p>Onderwyser: 30 is 'n makliker getal. Nou wat is $30 + 17$?</p> <p>Leerders: 47</p> <p>Moedig die leerders aan om springstrategieë uit hulle koppe te doen om die antwoord te bereken. Herinner leerders om NIE in 1'e te tel nie.</p>	<p style="text-align: center;">$26 + 17 + 4$</p> <p style="text-align: center;"> $\begin{array}{c} 26 + 17 + 4 \\ \swarrow \quad \searrow \\ 30 \end{array}$ </p> <p style="text-align: center;">$26 + 17 + 4 = 30 + 17$</p> <p style="text-align: center;">$= 47$</p>
<p>Probleem: $69 + 47 + 3$</p> <p>Onderwyser: Vind die 'makliker' kombinasie in hierdie berekening.</p> <p>Leerders: $47 + 3 = 50$</p> <p>Onderwyser: 50 is 'n makliker getal. Nou wat is $69 + 50$?</p> <p>Leerders: 119</p> <p>Moedig leerders aan om springstrategieë uit hulle koppe te doen om die antwoord van $69 + 50$ te bereken. Herinner die leerders om NIE in 1'e te tel nie.</p>	<p style="text-align: center;">$69 + 47 + 3$</p> <p style="text-align: center;"> $\begin{array}{c} 69 + 47 + 3 \\ \swarrow \quad \searrow \\ 50 \end{array}$ </p> <p style="text-align: center;">$69 + 47 + 3 = 69 + 50$</p> <p style="text-align: center;">$= 119$</p>

Individuele Taak

Leerders behoort nou die volgende voorbeelde te probeer deur eerste die makliker getalkombinasie te vind en daarna die antwoord te bereken:

$$25 + 18 + 5$$

$$44 + 38 + 12$$

$$3 + 65 + 27$$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $25 + 18 + 5$, tel ek eers 5 by 25 om 30 te kry en daarna tel ek 18 by 30 om 48 te kry.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

Ondersteuningsvideo

Herrangskik 3



<https://youtu.be/SdnTj8PZX-o>

Ondersteuningsvideo

Herrangskik 4



https://youtu.be/F_1UiS4QAQ4

HERRANGSIK: AANVANGSLES 4**1- Minuut Hoofrekene-opwarming**

Ek sê/Jy sê: Maak 30/Maak 50

Taakvolgorde

In hierdie les oefen ons om makliker getalkombinasie binne berekeninge te vind.

<p>Probleem: $15 + 47 + 5$</p> <p>Onderwyser: Vandag soek ons vir meer makliker getalkombinasies. Is daar 'n makliker getalkombinasie in die berekening op die skryfbord?</p> <p>Leerders: Ja, $15 + 5 = 20$.</p> <p>Onderwyser: So, $20 + 47 = \text{wat?}$</p> <p>Leerders: 67</p>	$ \begin{array}{r} 15 + 47 + 5 \\ \swarrow \quad \searrow \\ 20 \\ 15 + 47 + 5 = 20 + 47 \\ = 67 \end{array} $
<p>Probleem: $38 + 27 + 12$</p> <p>Onderwyser: Vind die makliker getalkombinasie.</p> <p>Leerders: $38 + 12 = 50$.</p> <p>Onderwyser: So, $50 + 27 = \text{wat?}$</p> <p>Leerders: 77</p>	$ \begin{array}{r} 38 + 27 + 12 \\ \swarrow \quad \searrow \\ 50 \\ 38 + 27 + 12 = 50 + 27 \\ = 77 \end{array} $
<p>Onderwyser: Watter getal kan in die blokkie geskryf word om 'n makliker getalkombinasie te maak?</p> <p>Leerders behoort getalle te gee wat op 2 eindig wat met 38 kombineer om 'n makliker getal te maak, bv. 2, 32, 82, ens. Hulle kan ook getalle gee wat op 3 eindig wat met 27 kan kombineer om 'n makliker getal te maak, bv. 3, 13, 53, ens.</p>	$38 + 27 + \square$ $38 + 27 + \boxed{32} \quad 38 + 27 + \boxed{13}$ $38 + 27 + \boxed{2} \quad 38 + 27 + \boxed{53}$

Individuele Taak

Leerders behoort nou vyf verskillende getalle te skryf wat in elke blokkie kan gaan om 'n makliker getalkombinasie te maak.

$$24 + 49 + \square \quad 33 + \square + 29$$


Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $24 + 49$, kan ek 'n getal wat op 1 eindig skryf om met 49 te kombineer of ek kan ek 'n getal skryf wat op 6 eindig om met 24 te kombineer.'

Taak om huis toe te neem: Werkblad 1

Gee Werkblad 1 aan die einde van vandag se sessie aan die leerders.

Dit is nie nodig om tydgebonde te wees terwyl die leerders die werkblad voltooi nie. Die doel is om vir die leerders skriftelik oefening te gee van die werk wat hulle uit hulle koppe moes doen.

Naam:
 Herrangskik: Werkblad I

<p>1. Omkring twee getalle wat saam 10 gee</p> <p>8 6 2 7 5</p>	<p>11. $100 + 57 = \square$</p>
<p>2. Omkring twee getalle wat saam 10 gee</p> <p>7 5 4 6 9</p>	<p>12. $2 \times 6 = \square$</p>
<p>3. $8 + \square = 10$</p>	<p>13. Omkring twee getalle wat saam 30 gee.</p> <p>9 16 21 7 12</p>
<p>4. $7 + 13 = \square$</p>	<p>14. Omkring twee getalle wat saam 30 gee.</p> <p>17 5 13 8 12</p>
<p>5. Omkring twee getalle wat saam 100 gee.</p> <p>36 59 64 45 73</p>	<p>15. $60 \times 2 = \square$</p>
<p>6. Omkring twee getalle wat saam 100 gee.</p> <p>45 87 37 55 62</p>	<p>16. $120 + \square = 128$</p>
<p>7. $20 = 8 + \square$</p>	<p>17. Omkring twee getalle wat saam 20 gee.</p> <p>11 14 6 7 19</p>
<p>8. $\square + 6 = 20$</p>	<p>18. Omkring twee getalle wat saam 20 gee.</p> <p>15 12 8 4 11</p>
<p>9. </p>	<p>19. $\begin{array}{r} + \\ 87 \end{array}$</p> <p>$87 + \square = 100$</p>
<p>10. $26 + 12 = \square$</p>	<p>20. $24 + 16 = \square$</p>

Onderwysernotas

Hier kan jy notas maak van die les en watter leerders nog steeds hulp met die verskillende strategieë nodig het. Jy kan ook notas maak van enige ander punte waaraan jy in die volgende aanvangsles aandag wil gee.

Ondersteuningsvideo

Herranskik 5



<https://youtu.be/dz79xkmVQy8>

HERRANGSKIK: AANVANGSLES 5**1- Minuut Hoofrekene-opwarming**

Vind 'n makliker getalkombinasie



Die onderwyser skryf op die skryfbord:

23 2 8 25 36 17 21 19 44

Die onderwyser sê enige getal, bv. 13, die leerders kies enige getal op die skryfbord wat 'n makliker getal sal maak wanneer dit by die getal getel word, bv. **17** sal die makliker getal 30 maak wanneer dit by 13 getel word.

Taakvolgorde

In hierdie les vind ons makliker getalkombinasies wanneer ons baie getalle bymekaar tel.

<p>Probleem: $7 + 5 + 3 + 1 + 8 + 5 + 2$</p> <p>Onderwyser: Vind die makliker getalkombinasie.</p> <p>Leerders: $7 + 3 = 10$; $5 + 5 = 10$; $8 + 2 = 10$</p> <p>Merk die kombinasies op die skryfbord soos wat die leerders dit sê.</p> <p>Onderwyser: So, $7 + 5 + 3 + 1 + 8 + 5 + 2$ is $10 + 10 + 10 + 1$ wat 31 is.</p>	<p>$7 + 5 + 3 + 1 + 8 + 5 + 2$</p>  <p>$10 + 10 + 10 + 1 = 31$</p>
<p>Probleem: $18 + 4 + 3 + 2 + 17 + 6 + 9$</p> <p>Onderwyser: Vind die makliker getalkombinasie.</p> <p>Leerders: $18 + 2 = 20$; $4 + 6 = 10$; $3 + 17 = 20$</p> <p>Merk die kombinasies op die skryfbord soos wat die leerders dit sê.</p> <p>Onderwyser: So $18 + 4 + 3 + 2 + 17 + 6 + 9$ is $20 + 20 + 10 + 9$ wat 59 is.</p>	<p>$18 + 4 + 3 + 2 + 17 + 6 + 9$</p>  <p>$20 + 20 + 10 + 9 = 59$</p>

Individuele Taak

Leerders behoort nou te probeer om die volgende *voorbeelde uit hulle koppe* te doen deur die makliker getalkombinasies te vind en dan die berekening te doen:

$6 + 3 + 2 + 4 + 9 + 8$ $27 + 32 + 16 + 3 + 8$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir die eerste voorbeeld, tel ek 6 by 4 om 10 te kry, ek tel 2 by 8 om 10 te kry, dan tel ek 3 by 9 om 12 te kry en 10 plus 10 plus 12 is 32.'

Sê vir die leerders om NIE in 1'e te tel nie.

HERRNGSKIK: AANVANGSLES 6

1- Minuut Hoofrekene-opwarming

Pop-Fizz: Vermenigvuldig met 5

Die onderwyser sê 'pop' en die leerders sê 'fizz'; dan sê die onderwyser 'n getal en die leerders reageer met die getal wat met 5 vermenigvuldig is.




Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 2		Leerders: 10	
Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 3		Leerders: 15	
Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 8		Leerders: 40	
Onderwyser: pop	→	Leerders: fizz	
Onderwyser: 9		Leerders: 45	ensovoorts ...

Die speletjie kan gespeel word om enige tafel van vermenigvuldiging te oefen. Die onderwyser moet net aan die begin van die speletjie spesifiseer met watter getal daar vermenigvuldig moet word.

Taakvolgorde

In hierdie les stel ons herrangskik in vermenigvuldiging bekend.

Nota: Die kolrye en kolomme is beskikbaar in die Print Master-boek.

<p>Plaas twee stukke papier met 5 rye met 3 kolle op die skryfbord. Kry leerders om saam te stem dat dit dieselfde is.</p>  <p>Op die eerste vel papier wys dit dat ons 5 groepe van 3 het, omkring elke ry en skryf 5×3 op die skryfbord.</p> <p>Onderwyser: In totaal sien ons dat daar 3, 6, 9, 12, 15 is. (wys na elke ry soos wat jy tel)</p> <p>Wys op die tweede vel papier waar ons die 5 by 3-rangskikking het, dat ons 3 rye van 5 het, omkring elke kolom en skryf 3×5.</p> <p>Onderwyser: In totaal sien ons dat daar 5, 10, 15 (wys na elke kolom soos jy tel) is. So, ons sien dat $5 \times 3 = 3 \times 5$. Net soos ons met optel gedoen het, kan ons die volgorde met vermenigvuldiging verander.</p>	 <p>5×3</p>  <p>3×5</p> <p>$5 \times 3 = 3 \times 5$</p>
---	---

Sit 'n stuk papier op met 10 rye van 3.

Onderwyser: Kom ons tel hoeveel kolle daar in totaal (wys na die rye) is.


Leerders: 3, 6, 9, 12, 15, 18, 21, 24, 27, 30.

Onderwyser: Kom ons ruil die volgorde om en tel op hierdie manier (wys na die kolomme).

Leerders: 10, 20, 30




Onderwyser: Was dit vinniger om al hierdie te tel (beweeg met die veelvoude van 3 af) of om hierdie te tel (beweeg oor die veelvoude van 10)?

Leerders behoort saam te stem dat 10, 20, 30 makliker en vinniger is.



Individuele Taak

Leerders behoort nou twee vermenigvuldigingsberekeninge te kan skryf wat gedoen kan word om die getal kolle in elke diagram hieronder te bereken. Leerders behoort te kies watter berekening vir hulle die maklikste is om te doen. Hierdie kolrangskikking is in die Print Master-boek en kan op die skryfbord gebruik word.



Ondersteuningsvideo

Herrangskik 6



<https://youtu.be/cCVo9O9ibaE>

Ondersteuningsvideo

Herranskik 7



<https://youtu.be/ZMaAhLcdAQo>

HERRANGSKIK: AANVANGSLES 7**1- Minuut Hoofrekene-opwarming**

Pop-Fizz: Vermenigvuldig met 10

Taakvolgorde

In hierdie les vind ons makliker getalle binne vermenigvuldigingsberekeninge met drie getalle.

<p>Probleem: $2 \times 7 \times 5$</p> <p>Onderwyser: Ons kan hierdie berekening op hierdie manier doen, maar ek sien 'n makliker getalkombinasie. Waar is die makliker getalkombinasie?</p> <p>Leerders: $2 \times 5 = 10$</p> <p>Onderwyser: 10 is 'n makliker getal. Kom ons gebruik dit om die berekening mee te doen.</p> <p>Skryf $2 \times 7 \times 5 = 2 \times 5 \times 7$ op die skryfbord.</p> <p>Onderwyser: Ons weet $2 \times 5 = 10$. Wat is 10×7?</p> <p>Luister vir die leerders wat hierdie antwoord ken, of wat kan oorslaantel in 10'e. Herinner die leerders om NIE in 1'e te tel nie.</p> <p>Leerders: 70</p>	<div style="text-align: center;"> $\begin{array}{c} 2 \times 7 \times 5 \\ \swarrow \quad \searrow \\ 10 \end{array}$ </div> <div style="text-align: center; margin-top: 20px;"> $2 \times 7 \times 5 = 10 \times 7$ $= 70$ </div>
---	---

Individuele Taak

Leerders behoort nou die makliker getalkombinasie te gebruik om die volgende probleme op te los:

$$2 \times 6 \times 5 \quad 5 \times 8 \times 2 \quad 9 \times 2 \times 5$$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $2 \times 6 \times 5$, weet ek dat 2 vermenigvuldig met 5 is tien en 10 vermenigvuldig met 6 is 60, so die antwoord is 60.'

Nota: Leerders mag ook met ander maniere kom om dit vinniger te doen. Byvoorbeeld, 'n leerder mag dalk $2 \times 6 \times 5$ doen deur te sê $6 \times 5 = 30$ en dubbel 30 is 60. Dit is ook 'n geskikte berekening.

Taak om huis toe te neem: Werkblad 2

Gee Werkblad 2 aan die einde van vandag se sessie aan die leerders.

Dit is nie nodig om tydgebonde te wees terwyl die leerders die werkblad voltooi nie. Die doel is om vir die leerders skriftelik oefening te gee van die werk wat hulle uit hulle koppe moes doen.

Naam:

Herrangskik: Werkblad 2

1. $8 + 94 = \square$

2. $11 + 27 + 19 = \square$

3. $99 + 198 + 2 + 1 = \square$

4. $48 + 23 + 12 = \square$

5. $56 + 115 + 25 = \square$

6. $2 \times 9 \times 5 = \square$

7. $3 \times 10 = 10 \times \square$

8. $9 + 93 = 93 + \square$

9. $91 + 37 + 9 = 100 + \square$

10. $99 + 96 + 1 + \square = 200$

11. Omkring die beste twee getalle wat eerste bymekaar getel kan word in hierdie stel:

74 26 83

12. Omkring die beste twee getalle wat eerste vermenigvuldig kan word in hierdie stel:

2 38 5

Onderwysernotas

Hier kan jy notas maak van die les en watter leerders nog steeds hulp met die verskillende strategieë nodig het. Jy kan ook notas maak van enige ander punte waaraan jy in die volgende aanvangsles aandag wil gee.

Ondersteuningsvideo

Herranskik 8



<https://youtu.be/Sh0e84cPf2U>


HERRANGSKIK: AANVANGSLES 8**1-Minuut Hoofrekene-opwarming**

Pop-Fizz: Vermenigvuldig met 5

Pop-Fizz: Vermenigvuldig met 10

Taakvolgorde

In hierdie les vind ons makliker getalkombinasies in vermenigvuldigingsberekeninge.

<p>Probleem: $4 \times 9 \times 5$</p> <p>Onderwyser: Ons kan hierdie berekening in hierdie volgorde doen, maar ek sien 'n makliker getalkombinasie. Waar is die makliker getalkombinasie?</p> <p>Leerders: $4 \times 5 = 20$</p> <p>Onderwyser: 20 is 'n makliker getal. Kom ons gebruik dit om die berekening te herrangskik.</p> <p>Skryf $4 \times 9 \times 5 = 4 \times 5 \times 9$ op die skryfbord.</p> <p>Onderwyser: Ons kan dit herrangskik en dit as $4 \times 5 \times 9$ skryf. Ons weet $4 \times 5 = 20$. Kom ons werk 20×9 uit deur in 20's te tel.</p> <p>Leerders: 20, 40, 60, 80, 100, 120, 140, 160, 180.</p>	<div style="text-align: center;"> $4 \times 9 \times 5$  20 </div> $4 \times 9 \times 5 = 4 \times 5 \times 9$ $= 20 \times 9$ $= 180$
--	--

Individuele Taak

Leerders behoort nou die makliker getalkombinasie te gebruik met herrangskik om die volgende probleme op te los:

$$4 \times 3 \times 5 \quad 4 \times 6 \times 5 \quad 5 \times 7 \times 4$$

Leerders behoort hulle denkwysse te verduidelik, bv. 'vir $4 \times 3 \times 5$, ek weet 4 vermenigvuldig met 5 is twintig en 20 vermenigvuldig met 3 is 60, so die antwoord is 60.'

Nota: Leerders mag ook met ander maniere kom om dit vinniger te doen. Byvoorbeeld, 'n leerder mag dalk $4 \times 3 \times 5$ doen deur te sê $4 \times 3 = 12$ en $12 \times 5 = 60$. Dit is ook 'n geskikte berekening.

Naam:					
Herrangskik: Post-toets					
DEEL I	2 minute vir hierdie bladsy				
1. Omkring twee getalle wat saam 10 gee. 7 4 2 3 9	11. $100 + 32 = \square$				
2. Omkring twee getalle wat saam 10 gee. 5 4 1 6 8	12. $2 \times 5 = \square$				
3. $7 + \square = 10$	13. Omkring twee getalle wat saam 20 gee. 8 14 12 3 19				
4. $9 + 11 = \square$	14. Omkring twee getalle wat saam 20 gee. 15 4 1 16 8				
5. Omkring twee getalle wat saam 100 gee. 24 50 30 38 70	15. $50 \times 2 = \square$				
6. Omkring twee getalle wat saam 100 gee. 51 17 29 49 60	16. $140 + \square = 149$				
7. $20 = 8 + \square$	17. Omkring twee getalle wat saam 30 gee. 18 14 12 7 19				
8. $\square + 3 = 20$	18. Omkring twee getalle wat saam 30 gee. 10 14 9 16 13				
9. <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"> <tr> <td style="padding: 5px;">21</td> <td style="padding: 5px;"><input style="width: 40px; height: 20px;" type="text"/></td> </tr> <tr> <td colspan="2" style="padding: 5px; text-align: center;">30</td> </tr> </table>	21	<input style="width: 40px; height: 20px;" type="text"/>	30		19. $\begin{array}{r} + \\ 69 \end{array} \quad \square = 100$
21	<input style="width: 40px; height: 20px;" type="text"/>				
30					
10. $56 + 30 = \square$	20. $22 + 18 = \square$				
Totaal uit 20					

Naam:	
Herrangskik: Post-toets	
DEEL 2	3 minute vir hierdie bladsy
1.	$8 + 97 = \square$
2.	$27 + 48 + 23 = \square$
3.	$199 + 98 + 1 + 2 = \square$
4.	$37 + 56 + 13 = \square$
5.	$38 + 125 + 15 = \square$
6.	$2 \times 7 \times 5 = \square$
7.	$8 + 97 = 97 + \square$
8.	$96 + 58 + 4 = 100 + \square$
9.	$99 + 97 + 1 + \square = 200$
10.	<p>Omkring die beste twee getalle wat eerste bymekaar getel kan word in hierdie stel:</p> <p style="text-align: center;">43 36 14</p>
Totaal uit 10	

DIE VERBAND TUSSEN OPTEL & AFTREK

Inleiding

Die fokus vir hierdie aanvangsles is op die verband tussen optel en aftrek. Ons gebruik hierdie verband om berekeninge van optel na aftrek te verander en aftrek na optel as 'n berekeningstrategie. Dit sluit die begrip van die verband tussen die twee bewerkings in en die begrip van die verband tussen die getalle in optel- en aftrekgetalsinne. Sommige van die take moet deur die onderwyser op die skryfbord gelei word en sommige moet die leerders onafhanklik doen.

Vinnige Herroep Strategieë

Daar is drie vinnige herroepstrategieë wat leerders moet leer: die verband tussen optel en aftrek as 'n berekeningstrategie :

- Tel een-syfer getalle by twee-syfer getalle, insluitend brugging deur tiene (bv. $28 + 4$; $39 + 2$)
- Trek een-syfer getalle van twee-syfer getalle af, insluitend brugging deur tiene (bv. $33 - 5$; $52 - 4$)
- Wees vlot en buigsaam vir ander maniere om met staafdiagramme te werk om die makliker verwante berekening te probeer om probleme op te los.

Naam:

Die verband tussen Optel & Aftrek: Pre-toets

DEEL I

2 minute vir hierdie bladsy

1.	$88 + \square = 92$	Vul in 15, 5 en 20 in die getalsin hieronder (11 – 14).					
		<table border="1"> <tbody> <tr> <td>15</td> <td>5</td> </tr> <tr> <td colspan="2">20</td> </tr> </tbody> </table>		15	5	20	
15	5						
20							
2.	$42 - 4 = \square$	11.	$\square - 5 = \square$				
3.	$86 + 5 = \square$	12.	$\square + 5 = \square$				
4.	$17 + \square = 23$	13.	$\square - \square = 5$				
5.	$199 + \square = 201$	14.	$5 + \square = \square$				
	<table border="1"> <tbody> <tr> <td>\square</td> <td>\square</td> </tr> <tr> <td colspan="2">\square</td> </tr> </tbody> </table>	\square	\square	\square		15.	$99 + \square = 102$
\square	\square						
\square							
6.		16.	$21 - \square = 19$				
7.	Vul hierdie drie getalle in die korrekte blokkies: $11 - 9 = 2$.	17.	$37 + 6 = \square$				
8.	$302 - 5 = \square$	18.	$47 + \square = 55$				
9.	$29 + \square = 34$	19.	$34 - \square = 29$				
10.	$91 - \square = 89$	20.	$75 + \square = 82$				
Totaal uit 20							

Naam:					
Die verband tussen Optel & Aftrek: Pre-toets					
DEEL 2	3 minute vir hierdie bladsy				
1.	$92 - 88 = \square$				
2.	$4 + \square = 402$				
3.	$\square - 82 = 5$				
4.	$82 - 75 = \square$				
5.	$201 - 199 = \square$				
6.	<table border="1" style="margin-left: auto; margin-right: auto;"> <tr> <td style="width: 50px; height: 30px;"><input type="text"/></td> <td style="width: 150px; text-align: center;">99</td> </tr> <tr> <td colspan="2" style="text-align: center;">102</td> </tr> </table>	<input type="text"/>	99	102	
<input type="text"/>	99				
102					
7.	$27 + 15 = 42$ $42 + 15 = 57$ $42 - 15 = \square$				
8.	$24 + 42 = 66$ $24 + 18 = 42$ $\square + 24 = 42$				
Gebruik die drie getalle hieronder in twee verskillende aftrek berekeninge:					
$83 + 37 = 120$					
9.	$\square - \square = \square$				
10.	$\square - \square = \square$				
Totaal uit 10					

DIE VERBAND TUSSEN OPTEL & AFTREK: AANVANGSLES 1**1-Minuut Hoofrekene-opwarming**

Vinnige optel: 1-syfer getalle en 2-syfer getalle

Kies 'n twee-syfer getal en vra vir die leerders om verskillende een-syfer getalle daarby te voeg.

Onderwyser: $29 + 4 \rightarrow$ Leerders: 33
 Onderwyser: $29 + 2 \rightarrow$ Leerders: 31
 Onderwyser: $29 + 5 \rightarrow$ Leerders: 34
 Onderwyser: $29 + 7$ Leerders: 36 ensovoorts ...



Onderwyser: $37 + 5 \rightarrow$ Leerders: 42
 Onderwyser: $37 + 9 \rightarrow$ Leerders: 46
 Onderwyser: $37 + 6 \rightarrow$ Leerders: 43
 Onderwyser: $37 + 3$ Leerders: 40 ensovoorts ...

Nota: Leerders mag vinnig op- en aftel wanneer hulle 2, 3, of 4 optel of aftrek, maar behoort aangemoedig te word om die brugging deur tien-strategie te gebruik vir optel en aftrek van 5, 6, 7, 8, en 9 deur die voorstelling van die getallelyn in hulle koppe te gebruik.

Taakvolgorde

In hierdie les gebruik ons staafdiagramme om optel en aftrek te verbind

Nota: Die swart, grys en wit staafdiagram is beskikbaar in die Print Master-boek.

<p>Onderwyser: In 'n staafdiagram familie is die twee klein stawe saam dieselfde grootte as die groot staaf. Wanneer ons na die grootte van die verskillende gekleurde stawe kyk (wit, grys en swart), sien ons dat die lengte van die twee klein stawe saam gelyk is aan die lengte van die groot staaf.</p> <p>Onderwyser: Ons noem die grootste staaf (swart) 'Groot' (plak die etiket 'Groot' op die swart staaf) en ons noem elk van die kleiner stawe 'Klein' (plaas die etikette 'Klein' op die kleiner stawe).</p> <p>Onderwyser: Die lengte van 'Groot is gelyk aan Klein plus Klein'</p> <p>Skryf die berekening op die skryfbord.</p>	<p>Plaas die staafdiagram onder op die skryfbord en sit die name (Groot, Klein, Klein) onder die diagram.</p>   <p style="text-align: center;">Groot = Klein + Klein</p>
<p>Onderwyser: Gee vir my ander optel- en aftrek- sinne vir die staafdiagram.</p> <p>Leerders: $\text{Groot} - \text{Klein} = \text{Klein}$, ens.</p> <p>Skryf 'n leerder se voorstel, een op 'n slag, vra die klas om dit te aanvaar of af te keur (met redes).</p>	<p>$\text{Groot} - \text{Klein} = \text{Klein}$ $\text{Klein} + \text{Klein} = \text{Groot}$</p>

<p>Onderwyser: Wat van 'Klein – Groot = Klein'? (skryf dit)</p> <p>Leerders sê of die sin waar of onwaar is. Vra vir die leerders om redes te gee.</p> <p>Trek 'n lyn deur die sin waarmee die klas nie saamstem nie, wat onwaar is. Skryf 'onwaar' langs dit neer.</p> <p>Doen dieselfde met 'Klein + Groot = Klein'</p>	<p>Klein – Groot = Klein?</p> <p>Klein – Groot = Klein onwaar</p> <p>Klein + Groot = Klein onwaar</p>
---	---

Individuele Take

Leerders behoort nou die individuele taakblad vir aanvangsles 1 te probeer.

Ondersteuningsvideo

Die verband tussen Optel & Aftrek 1



<https://youtu.be/nha592FZEAc>

Die verband tussen Optel en Aftrek Aanvangsles 1: Individuele Taak

Skryf die woorde Groot, Klein en Klein langs die korrekte staaf in die diagram hieronder:



Maak 'n regmerk (✓) langs die getalsin wat waar/korrek is en 'n kruisie (X) langs die getalsin wat onwaar is:

- | | |
|-------------|-------------|
| $3 + 6 = 9$ | $6 - 3 = 9$ |
| $9 = 6 + 3$ | $9 - 3 = 6$ |
| $6 + 9 = 3$ | $3 = 9 - 6$ |
| $6 + 3 = 9$ | $9 - 6 = 3$ |
| $3 + 9 = 6$ | $3 - 6 = 9$ |

DIE VERBAND TUSSEN OPTEL & AFTREK: AANVANGSLES 2**1-Minuut Hoofrekene-opwarming**

Vinnige aftrek: 1-syfer getalle van 2-syfer getalle

Kies 'n twee-syfer getal en vra vir die leerders om verskillende een-syfer getalle af te trek.

Onderwyser: $71 - 1$ Leerders: 70
 Onderwyser: $71 - 3 \rightarrow$ Leerders: 68
 Onderwyser: $71 - 5 \rightarrow$ Leerders: 66
 Onderwyser: $71 - 7 \rightarrow$ Leerders: 64 ensovoorts ...

Onderwyser: $42 - 2 \rightarrow$ Leerders: 40
 Onderwyser: $42 - 4 \rightarrow$ Leerders: 38
 Onderwyser: $42 - 6 \rightarrow$ Leerders: 36
 Onderwyser: $42 - 9 \rightarrow$ Leerders: 33 ensovoorts ...

Taakvolgorde

In hierdie les wys ons die verband tussen optel- en aftrek getalle in 'n getalfamilie.

<p>Onderwyser: Kan jy dink hoe die getalle 4, 6 en 10 verbind kan word?</p> <p>Leerders kan kombinasies voorstel soos: 'vier en ses is tien' of 'indien ons vier van tien af wegneem kry ons ses' of '$4 + 6 = 10$' of '$10 - 4 = 6$'.</p> <p>Skryf 'n leerder se voorstelling, een op 'n slag, vra die klas om dit te aanvaar of af te keur (met redes). Vee verkeerde voorstelle uit.</p> <p>Onderwyser: Getalle 4, 6 en 10 hou verband met mekaar wanneer ons optel en aftrek. Aan hulle kan gedink word as 'n getalfamilie. In 'n getalstaafdiagram familie is die twee kleiner getalle saam dieselfde grootte as die groot getal. Hier is die lengte van $4 + 6$ (die kleiner twee in die familie) gelyk aan die lengte van 10 (die groot een in die familie).</p> <p>Trek die staafdiagram.</p> <p>Onderwyser: Drie ander getalle wat met mekaar verband hou wanneer ons optel en aftrek, is 8, 3 en 5. Hierdie getalle is ook 'n getalfamilie. Hoe hou hierdie getalle met mekaar verband in 'n staafdiagram?</p> <p>Trek 'n leë diagram soos gewys word.</p>	<p>Skryf 4, 6 en 10 op die skryfbord.</p> <p style="text-align: center;">4 6 10</p> <p>Vier en ses maak tien</p> <p>Tien minus ses is gelyk aan vier</p> <p>$4 + 6 = 10$</p> <p>$6 + 4 = 10$</p> <p>$10 - 6 = 4$</p> <p>$10 - 4 = 6$</p> <div style="text-align: center; border: 1px solid black; width: fit-content; margin: 10px auto;"> <table border="1" style="border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="padding: 5px;">4</td> <td style="padding: 5px;">6</td> </tr> <tr> <td colspan="2" style="text-align: center; padding: 5px;">10</td> </tr> </table> </div> <p>Skryf 8, 3 en 5 op die skryfbord.</p> <p style="text-align: center;">8 3 5</p> <div style="text-align: center; border: 1px solid black; width: fit-content; margin: 10px auto;"> <table border="1" style="border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="width: 50px; height: 20px;"></td> <td style="width: 50px; height: 20px;"></td> </tr> <tr> <td colspan="2" style="height: 20px;"></td> </tr> </table> </div>	4	6	10					
4	6								
10									

Leerders stel die verband van 8, 3 en 5 voor en waar elke getal in die staafdiagram geplaas moet word.

Skryf die leerder voorstelle soos voorheen. Skryf aanvaarbare voorstelle in twee kolomme op die skryfbord. Jy mag dalk hulp moet verleen aan leerders met die laaste 2 in elke kolom deur gebruik te maak van raamwerke soos:

$$8 = \square + \square; 3 = \square - \square; 5 = \square - \square$$

Onderwyser: Vir elke getalfamilie kan ons 4 optel- en 4 aftrekgetalsinne maak. Kom ons gaan terug na ons vorige voorbeelde om te kyk of ons enigiets uitgelaat het.

Teken getalsinne vir 8, 3 en 5 wat weggelaat is op.

+	-
bewerkings	bewerkings
$5 + 3 = 8$	$8 - 3 = 5$
$3 + 5 = 8$	$8 - 5 = 3$
$8 = 5 + 3$	$5 = 8 - 3$
$8 = 3 + 5$	$3 = 8 - 5$

Individuele Taak

Leerders behoort saam met 'n maatjie te werk en die staafdiagram te trek vir die getalfamilie 7, 9 en 16. Hulle moet dan 4 optel- en 4 aftrekberekeninge vir die getalfamilie skryf.

